

## Hoofstuk 4

### Navorsingsverloop

#### 4.1 Inleiding

Die navorsing neem die vorm van 'n gevallestudie aan. Dit is uitgevoer in 'n spesifieke gemeenskap naamlik die Letaba Landgoed. Die gevallestudie is 'n navorsingsmetodologie wat “focus on a single individual, a group, or an entire community” (Berg, 1998: 212). 'n Enkele aspek in die gemeenskap is nagevors (Berg, 1998: 219), naamlik die moontlike invloed wat voorskoolse programme op 'n kind se latere skoolvordering kan hê. Kinders wat die versorgingsoorde van Letaba Landgoed bygewoon het, is blootgestel aan kommunikasietegnieke en -metodes wat spesifiek op die voorskoolse kind gefokus het.

In hierdie hoofstuk word die agtergrond van die navorsing bespreek asook die navorsingsproses wat plaasgevind het. Daar word eerstens gelet op die omgewing waar die navorsing plaasgevind het asook die geriewe tot die inwoners se beskikking en die peil van opvoeding wat in die spesifieke gemeenskap heers.

#### 4.2 Agtergrondgeskiedenis van die omgewing waarin die navorsing uitgevoer is

\* *Hierdie is 'n beskrywing van die situasie voor die rasionalisering wat einde 2000 plaasgevind het.*

##### 4.2.1 Geografiese aspekte van Letaba Landgoed

Die landgoed is in die Limpopo geleë, ongeveer twintig kilometer Noord-oos van Tzaneen, en beslaan 3843 hektaar. Die naam Letaba Landgoed het ontstaan as gevolg van die Groot Letabarivier wat die Suidelike grenslyn van die landgoed vorm. Die ander grense word gevorm deur landbougrond wat deur verskillende privaat eienaars besit word.

Die klimaat is sub-tropies met 'n gemiddelde reënval van 800 mm per jaar. Dagtemperatuur wissel gedurende die somermaande tussen 28 C° en 32 C°. Gedurende die wintermaande wissel die dagtemperatuur tussen 18 C° en 22 C°. Die klimaat is dus geskik vir die verbouing van sitrus en ander sub-tropiese vrugte soos piesangs, mango's, litchies, avokado's, koejawels, papaja's en neute.

#### **4.2.2 Infrastruktuur en algemene inligting.**

##### **4.2.2.1 Paaie**

Die hoofroete na Lydenburg is suid van die landgoed geleë terwyl die roete na Phalaborwa noord verbyloop. Laasgenoemde roetes word met mekaar verbind deur 'n teerpad, wat ook die landgoed in twee gedeeltes verdeel. Die landgoed is maklik bereikbaar en word deur busdienste en taxi's bedien om inwoners na omliggende gebiede te vervoer.

Die landgoed self is in dertien seksies of areas verdeel. Al die seksies en woonbuurtes word met grondpaaie verbind en deur die landgoed in stand gehou.

##### **4.2.2.2 Water**

Die landgoed ontvang water van die Tzaneendam deur middel van 'n kanaal. Verskeie boorgate voorsien ook water vir huishoudelike gebruik. Suiweringsfasiliteite is by verskillende punte aangebring en word deur 'n afdeling van die landgoed bestuur. Alle inwoners word van skoon lopende water voorsien terwyl die sitrusboorde besproei word uit sestien gronddamme.

#### 4.2.2.3 Vullisverwydering en sanitasie

Groot vullisdromme word op verskillende strategiese punte binne die woonbuurtes geplaas wat weekliks deur werkers leeggemaak word. Die vullis word dan met trekkers en sleepwaens vervoer na 'n geregistreerde stortingsterrein in 'n aangrensende woongebied. Tydens die plukseisoen (Maart tot Oktober) word ongeveer vyf duisend mense in die woonbuurtes gehuisves. Vullisverwydering en sanitasie maak dus 'n belangrike deel uit van die landgoed se dienslewering aan sy inwoners.

Al die wonings op die landgoed beskik oor spoeltoilette en storte. Die spoelwater word in verdampingsdamme opgevang om te voorkom dat dit met huishoudelike gebruikswater in aanraking kom. Die landgoed het 'n afdeling wat uitsluitlik met hierdie stelsel werk om enige ongewenste besoedeling teen te werk.

#### 4.2.2.4 Skole en voorskoolse fasiliteite

Op die landgoed is daar 'n skool wat voorsiening maak om 450 kinders vanaf graad een tot graad nege te akkomodeer. Die skoolfasiliteite, naamlik die skoolgronde en -geboue, word deur die landgoed voorsien. Daar is sewentien klaskamers, 'n biblioteek, seuns- en dogterstoilette, 'n kantoor vir die skoolhoof en 'n personeelkamer. Die gemeenskapsaal is langs die skool geleë en dien ook as 'n skoolsaal. Die Departement van Onderwys is in beheer van die leerplan wat gevolg word asook die indiensneming en toesig oor vyftien leerkragte. Die betrokke Departement voorsien die leerlinge tydens skooldae van voedsel in die vorm van brood, pap en 'n bygereg. Die waarnemende skoolhoof het twee vrouens uit die gemeenskap aangewys wat die voedsel op die skoolterrein voorberei en toesien dat die voedsel aan die skoolkinders bedien word.

Verskeie hoërskole word aan die oorkant van die Letaba-rivier aangetref waar die leerders hulle skoolopleiding kan voortsit nadat hulle graad nege by die plaaslike skool geslaag het.

Agt voorskoolse versorgingsoorde maak voorsiening om driehonderd (300) kinders tussen die ouderdom van ses maande en ses jaar daagliks te versorg. Hierdie versorgingsoorde is in verskillende afdelings op die landgoed opgerig sodat alle ouers binne loopafstand van so 'n fasiliteit kan wees. Gedurende die pakseisoen, wat vanaf



Maart tot Oktober strel versorgingsoord by die pakhuis gebruik om die voorskoolse kinders van die pakkers te versorg. Die pakkers woon nie op die landgoed nie en word saam met hulle voorskoolse kinders per bus na die pakhuis vervoer.

#### 4.2.2.5 Gesondheidsdienste

Die landgoed beskik oor 'n goedtoegeruste kliniek wat onder toesig van 'n geneesheer en twee opgeleide verpleegsusters funksioneer. Voordat 'n werker in diens geneem word, moet hy/sy eers deur een van die susters ondersoek word om sy/haar algemene gesondheidstoestand te bepaal. Die geneesheer sien om na ernstige gesondheidsprobleme en besoek die landgoed een keer per week. In noodgevalle en waar hospitalisasie noodsaaklik is, word werkers na die Letabahospitaal geneem vir behandeling.

Voordat 'n baba of kleuter in 'n versorgingsoord opgeneem word, moet een van die susters by die kliniek 'n voorgeskrewe gesondheidsverslag van die landgoed invul, ten einde te bepaal of die kind se algemene fisiese toestand bevredigend is. Indien enige afwykings op gesondheidsvlak voorkom, word 'n toepaslike verwysing in oorleg met die geneesheer gedoen.

Die Departement van Gesondheid is saam met die kliniek gemoeid met die immunisering van die voorskoolse kinders. Die versorgingsoorde word elke kwartaal besoek om laasgenoemde diens op datum te hou. Kinders wat nie die versorgingsoorde bywoon nie, maar wie se ouers op die landgoed woon, word by die immunisering betrek.

Die kliniek is behulpzaam met die toets van die voorskoolse kinders se oë. 'n Opgeleide persoon lewer hierdie belangrike diens en maak seker dat die kinders oor normale sig beskik wanneer hulle skool toe gaan. Dieselfde geld ten opsigte van gehoortoetse wat uitgevoer word indien daar 'n vermoede bestaan dat 'n kind 'n gehoorgebrek het.

'n Hoë gehalte gesondheidsorg word dus aan die inwoners van die landgoed gelewer en is binne bereik van alle inwoners.

#### 4.2.2.6 Behuising

Permanente werknemers wat getroud is, is geregtig op behuising op die landgoed. 'n Gesin se tradisionele leier voorsien die landgoed van 'n dokument waarin bevestig word dat 'n werknemer lid van 'n betrokke groep is en wat die naam van die vrou is wat hy "labola" het. Hierdie vrou word volgens tradisie as die wettige vrou van die werknemer beskou. Sy en die kinders wat uit so 'n verhouding gebore word, word op die landgoed geregistreer as wettige inwoners van die landgoed. In die gevalle waar 'n werknemer meer as een vrou het, word slegs die eerste vrou en haar kinders toegelaat op die landgoed.

Die behuising van die algemene arbeiders neem die vorm aan van tradisionele XiTsongahutte ( drie hutte vorm 'n eenheid ). Hierdie eenhede word voorsien van lopende vars water, stortgeriewe en 'n spoeltoilet. Geen elektrisiteit is by hierdie eenhede aangelê nie.

Senior werknemers van die verskillende afdelings op die landgoed, woon in drieslaapkamerhuise wat volgens 'n westerse huisplan gebou is. Hierdie behuising beskik verder oor 'n sitkamer, eetkamer, kombuis en badkamer met 'n toilet en is van elektrisiteit voorsien.

Daar is elf woonbuurtes op die landgoed waar die tradisionele hutte sowel as die westerse huise gebou is. Enkelkwartiere is by sommige woonbuurtes ingerig om tydelike werknemers te huisves. Die enkelkwartiere is ook toegerus met spoeltoilette en storte.

Die beleid van die landgoed is om permanente werknemers by te staan om hulle eie huise te bou op die persele buite die landgoed wat deur hulle tradisionele leiers aan hulle toegewys word. Die landgoed help in hierdie geval om elektrisiteit na die huise toe aan te lê. Wanneer 'n werknemer aftrede bereik, is sy huis gewoonlik voltooi en voorsien van die nodige fasiliteite om 'n gemaklike lewensstyl te handhaaf.

Werknemers by die sitruspakhuis woon buite die landgoed en word per bus werk toe vervoer. Plukkers word egter gedurende die plukseisoen op die landgoed van behuisingvoorsien.

#### **4.2.2.7 Besikbaarheid van handelaars**

Die landgoed beskik oor 'n algemene handelshuis waar die belangrikste lewensmiddele aangekoop kan word. Daar is ook 'n slaghuis waar vars vleis en vis aangeskaf kan word. Die betrokke gemeenskap het die behoefte aan 'n fasiliteit uitgespreek waar hulle oor 'n naweek bier, koeldrank, sigarette, lekkernye en brood kan aankoop. 'n Biersaal is in die mees sentrale woonbuurt opgerig om in laasgenoemde behoefte te voorsien.

Nkowakowa is 'n tradisioneel swart woongebied wat aan die suidelike kant van die landgoed aan die Letabarivier grens. Heelwat besighede word daar aangetref en is maklik te voet of per busdiens bereikbaar indien inwoners van die landgoed daar inkopies wil gaan doen. Tzaneen en Letsitele is albei ongeveer twintig kilometer van die landgoed geleë en kan per bus of per taxi bereik word.

Die landgoed kan as 'n geslote gemeenskap beskou word omdat slegs werknemers en hulle gesinne daar mag woon. Daar is egter bevredigende infrastruktuur om die inwoners met die nabygeleë gebiede te verbind en te voorkom dat inwoners geïsoleerd hoef te lewe.

#### **4.2.2.8 Sekuriteit**

Die landgoed het sy eie sekuriteitsafdeling wat bestaan uit 'n sekuriteitshoof en sekuriteitswagte wat vier-en-twintig uur per dag diens lewer. Die hooftoegangshekke na die landgoed en die sitruspakhuis word deur 'n privaat sekuriteitsfirma beheer, wat met die plaaslike sekuriteits-hoof skakel om kontinuïteit te verseker.

Die landgoed kan as 'n veilige omgewing beskou word hoewel inbraak en diefstal tog op 'n klein skaal voorkom. Buitestaanders kry dikwels toegang tot die landgoed deur openinge in die omheinings te maak. Dit is vir die sekuriteitsafdeling nie altyd moontlik om hierdie oortreders en moontlike inbrekers dadelik aan die SAPD te oorhandig nie. Die

kinders kan egter bedags nog vrylik op die landgoed rondbeweeg sonder die vrees om ontvoer of deur vreemdelinge beseer te word.

#### 4.2.2.9 Godsdien

Die werknemers word deur agt verskillende denominasies bedien. Twee kerkgeboue en twee tradisionele kerkentrums van die Zioniste-geloof dien as bedieningsfasiliteite. Die plaaslike skool word in sommige gevalle gebruik vir kerkdienste. Baie werknemers woon kerke in die nabygeleë Nkowakowa by.

Die gemeenskap se inwoners heg hoë waarde aan die tradisionele geloof van die voorvadergeeste. Die christelike geloof word deur hulle beskou as die “witman” se kerk. Hulle respekteer egter die christelike geloof en woon eredienste van die verskillende denominasies by, maar bly getrou in die aanhang van die voorvadergeeste.

John Mbiti het in sy studies oor tradisionele godsdien in die hele Afrika kontinent gevind dat “the spiritual world of African peoples is very densely populated with spiritual beings, spirits and the living-dead” (Mbiti, 1989:74). Sy navorsing het aan die lig gebring dat die swart gemeenskappe in Afrika die bestaan van God erken (Mbiti, 1989: 75), maar dat die “geesteswêreld”, waarvan die voorvadergeeste deel uitmaak, in direkte kommunikasie met God is. Dieselfde bevinding word deur Booth (1989: 161) weergegee. Beide van die bogenoemde twee navorsers stel dit pertinent dat daar egter verskille kan voorkom in elke afsonderlike swart bevolkingsgroep se siening en aanhang van sogenaamde voorvadergeeste. Tradisionele konsepte vorm volgens Mbiti (1989) die essensiële agtergrond van die meeste Afrikane, maar dit verskil van individu tot individu en van gemeenskap tot gemeenskap.

Booth (1989) het in gevallestudies wat hy gedoen het gevind dat Afrika-religieë tradisioneel oorgelewer word, gewoonlik mondeling van een geslag na die volgende geslag. ‘n Kind sal byvoorbeeld aanvaar dat die woord van die oudstes in sy stam, finaal is. “Maar dit is ook waar dat die tradisie gesif is soos wat dit deur die verskillende geslagte gegaan het” (Booth, 1989:157). Dit beteken slegs dat tradisionele religie aan veranderinge blootgestel word, maar glad nie dat dit besig is om uit te sterf nie. Booth het ook in sy gevallestudies tot die gevolgtrekking gekom dat in Afrika-religie die

gemeenskap die hoogste waarde het. Die individu bestaan net in die gemeenskap. Om van die gemeenskap afgesny te word, is dus erger as die dood vir enige swart man (Booth, 1989).

#### 4.2.2.10 Sport en ontspanning

Daar is sewe sokkervelde op die landgoed wat binne bereik van die elf woonbuurtes geleë is. Sokkerwedstryde word deur die hele gemeenskap ondersteun en daarom word vervoer deur die bestuur van die landgoed gereël indien spanne weg van hulle tuisvelde speel. Landloop en vlugbal word veral deur die skoolgaande kinders beoefen. Die landgoed dra die kostes indien leerders goed presteer en Provinsiale kleure verwerf.

Tradisionele danse is 'n vorm van ontspanning wat deur kinders sowel as die volwassenes beoefen word. Kompetisies word jaarliks deur die plaaslike Landelike Stigting georganiseer waaraan die inwoners van die landgoed ook deelneem. In die verlede het hulle heelwat pryse gewen met tradisionele danse en met koorsang.

Hengel is 'n gewilde vorm van ontspanning wat deur mans, vrouens en kinders op die landgoed beoefen word. Streng beheer word ten opsigte van hengel deur die bestuur van die landgoed en die Departement van Omgewingsake uitgeoefen.

Elke woonbuurt beskik oor 'n televisievertrek met 'n kleurtelevisiestel waar inwoners veral na sportuitsendings kyk. Die televisielokaal in die hoofwoonbuurt word in die geval van die voorskoolse klasse gebruik om sommige kinderprogramme te volg.

Sommige werknemers speel graag gholf op die landgoed se gholfbaan. Dit is egter 'n duur stokperdjie wat deur min werknemers beoefen word.

Die bestuur van die landgoed het 'n leemte aan gesonde ontspanning by veral die skoolgaande jeug waargeneem en daarom word die pos van 'n sportorganiseerder oorweeg. Planne is reeds opgestel om 'n sportsentrum te bou waar onder andere krieket, rugby en netbal aangebied kan word.



Konstruktiewe ontspanning bly dus steeds 'n uitdaging wat in enige agtergeblewe gemeenskap daadwerklik aangespreek en geëvalueer behoort te word. Die landgoed het op die gebied van sport en ontspanning nog 'n groot taak om te vervul.

#### **4.2.2.11 Gemeenskapsaksies**

Die kliniek is betrokke in opvoedkundige programme waar veral geboortebeperking aandag geniet. Die arbeidskantoor van die landgoed bied 'n program aan om werknemers in te lig oor die MIV/vigsprobleem. Dit word gedoen aan die hand van videoprogramme wat in die opleidingslokaal, by die arbeidskantoor, gewys word.

Samevattend kan genoem word dat Letaba Landgoed een van die grootste sitrusplase in die Republiek van Suid-Afrika is. Die landgoed maak volgens die arbeidskantoor voorsiening om 746 permanente werknemers en 3740 seisoenwerkers in diens te neem. Werkloosheid is op hierdie stadium nie 'n probleemfaktor vir die inwoners nie. Probleme ontstaan sporadies wanneer inwoners werklose familieledede by hulle inneem. Dit is egter teen die reëls van die landgoed wat dissiplinêre optrede tot gevolg het.

Die inwoners voer oor die algemeen 'n rustige bestaan en die feit dat die bestuur van die landgoed na die inwoners se belange omsien, skep die gevoel van veiligheid.

#### **4.2.2.12. Demografiese aspekte ten opsigte van die inwoners van Letaba Landgoed**

Die oorgrote getal van die werkerskorps op die landgoed is XiTsongasprekend, omdat 40 tradisionele leiers uit die XiTsongabevolking arbeid aan die landgoed voorsien. Volgens die XiTsongatradisie moet 'n tradisionele leier kennis dra van die werksomstandighede van sy volgelinge en moet dit die leier se goedkeuring wegdra indien hy werk verrig buite sy tradisionele "kraal". Daar vind dus noue skakeling plaas tussen die arbeidskantoor van die landgoed en tradisionele leiers in die onmiddellike omgewing. Ses tradisionele Vendaleiers voorsien op 'n veel kleiner skaal arbeid aan die landgoed.

Inligting omtrent die voertaal van die inwoners van die landgoed en die getal tradisionele leiers wat arbeid aan die landgoed voorsien, is aan die navorser voorsien deur die arbeidskantoor van die landgoed.

#### **4.2.2.13. Peil van opvoeding van die gemeenskap**

Volgens die arbeidskantoor van die landgoed, kan slegs 'n klein persentasie werknemers (ongeveer 10%) hulle naam op aanstellingsdokumente teken. Die meeste werknemers plaas 'n duimafdruk op dokumente om dit geldig te verklaar. 'n Lees- en skryfprojek is in die verlede aangebied vir volwassenes, maar is ongelukkig gestaak toe die aanbieder daarvan uit die diens van die landgoed getree het. Nuwe pogings word nou ondersoek om sodanige projek weer in werking te stel. Die meeste werknemers kom uit afgeleë gebiede waar hulle nie naby skoolgeriewe grootgeword het nie.

#### **4.2.2.14 Faktore wat aanleiding gegee het tot die navorsing**

Die waarnemende skoolhoof by die skool op die landgoed, het dit onder die aandag van die arbeidshoof gebring dat die kinders wat die skool bywoon, op akademiese gebied swak presteer.

Die bestuur van die landgoed het daarna die pos van 'n ontwikkelaar gedurende Julie 1995 by die versorgingsoorde geskep om die standaard van die versorgingsoorde in lyn te bring met die voorskrifte van die Departement van Gesondheid en Welsyn (S.A., 1993). Daar is toe 'n besluit geneem om met opvoedkundige programme by die versorgings-oorde te begin om die voorskoolse kinders die geleentheid te bied om op verskillende ontwikkelingsterreine te ontwikkel ( sien hoofstuk 3 ). Die doel van die opvoedkundige programme was daarop gemik om die voorskoolse kinders sodanig te stimuleer en te help ontwikkel dat dit kon meehelp tot hulle bemagtiging ten opsigte van hulle latere inskakeling en vordering op skool. Langs hierdie weg sou 'n proses begin word om een moontlike aspek van die kinders se swak prestasies op skool aan te spreek, naamlik genoegsame stimulasie op voorskoolse vlak om skoolgereedheid en skoolrypheid te bevorder. Daar sou egter tyd verloop voordat die beoogde programme 'n werklikheid word, aangesien die toesighouers by die betrokke versorgingsoorde in die verlede aangestel is met die uitsluitlike doel om die kinders fisies te versorg. Die keuring

van die personeel het dus berus op die persoon se liefde vir kinders en die vermoë om hulle bedags 'n veilige hawe te bied terwyl die ouers loonarbeid verrig. Van die twintig toesighouers, het drie glad nie skoolopleiding ontvang nie, en die res was slegs in staat om hulle name te teken en XiTsonga te lees. Hulle het geen Afrikaans of Engels verstaan nie.

Soos die betrokke toesighouers die volgende vier jaar, sedert die aanstelling van 'n ontwikkelaar, bedank of afgetree het, is hulle vervang met toesighouers wat graad 12 op skool geslaag het en wat graag verder wil studeer. Gedurende 1996 is die eerste voorskoolse klas, met kinders tussen die ouderdom van vyf – en ses jaar, afgesonder van die ander kinders om meer intensief aandag aan skoolgereedheid en skoolrypheid te skenk. Die betrokke toesighouer het by die Landelike Stigting se maandelikse opleidingsessies ingeskakel omdat dit in XiTsonga aangebied was. Die vordering van die kinders en die toesighouer is deur die opleidingsbeampte geëvalueer tydens besoeke aan die versorgingsoord. Die ouers se positiewe reaksie op die voorskoolse klassie het daartoe aanleiding gegee dat daar binne vier jaar, ses voorskoolse klassies tot stand gekom het met ses toesighouers wat deur middel van korrespondensiekursusse aan 'n geregistreerde kollege, hulle diplomas in dagsorg vir kleuters suksesvol voltooi het. Die kleuters word tans reeds vanaf die ouderdom van drie jaar in hierdie groepe ingeskakel om stimulasie op 'n vroeër ouderdom te laat plaasvind.

Die proses van opleiding en ontwikkeling van die betrokke gemeenskap sluit dus nie net volwassenes in nie, maar pogings word aangewend om reeds op voorskoolse vlak met spesifieke programme te begin ten einde individue die geleentheid te bied om optimaal te ontwikkel.

### **4.3 Gevallestudie as navorsingsontwerp**

Mouton en Marais (1991: 35) beskryf 'n navorsingsontwerp soos volg: “Die doel van 'n navorsingsontwerp is om die betrokke navorsingsprojek sodanig te beplan en te struktureer dat die uiteindelige geldigheid van die navorsingsbevindinge verhoog word”.

Thyer (1993: 94) reken die navorsingsontwerp sal bepaal hoedanig die raamwerk van 'n studie daaruit sien. Die navorsingsontwerp bepaal ook die wyse waarop data versamel word en hoedanig die navorsingshipotese ondersoek word.

Berg (1998: 212) gee die volgende beskrywing van 'n gevallestudie wat as navorsingsmetode aangewend kan word: " Case study methods involve systematically gathering enough information about a particular person, social setting, event, or group to permit the researcher to effectively understand how it operates or functions".

Opsigself is 'n gevallestudie nie 'n tegniek waarvolgens dataversameling plaasvind nie. Dit is eerder 'n metodologiese benadering wat 'n aantal verskillende tegnieke insluit waarvolgens inligting of data versamel word.

'n Ander kenmerk van 'n gevallestudie is dat dit slegs een individu kan betrek. Dit kan ook 'n spesifieke groep insluit of in ander gevalle 'n hele gemeenskap betrek. (Berg, 1998:212).

Tegnieke wat in 'n gevallestudie gebruik word om inligting in te samel, kan die volgende insluit: onderhoudvoering, deelnemende waarneming, die bestudering van dokumentasie en ander literatuur (Mikkelsen, 1998: 71).

Die voordele van die gevallestudiemetode lê daarin dat nuwe ontdekkings gemaak kan word. Hierdie ontdekkings kan aanleiding gee tot beter of veranderde insigte en selfs hipoteses wat tot verdere navorsing kan lei (Berg, 1998:217).

'n Gevaar verbonde aan 'n gevallestudie is dat die navorser subjektief betrokke kan raak by die studie. Die vraag kan dan gevra word of die navorser met objektiewe resultate na vore kom. 'n Ander aspek van 'n gevallestudie wat aandag behoort te geniet, is die kwessie van veralgemening van resultate. Die navorser kan 'n aanduiding verkry van die korrektheid van sy navorsing deur resultate van sy studie te vergelyk met soortgelyke studies wat reeds uitgevoer is. Berg (1998: 218) is van mening dat indien 'n navorser se gevallestudie " verkeerd " aangepak en uitgevoer was, dit deur 'n vergelyking met vorige soortgelyke studies blootgelê sal word. 'n Enkele studie in 'n bepaalde veld kan nie sonder meer aanvaar word nie en moet eers getoets word aan ander navorsingsondersoeke. Indien 'n gevallestudie behoorlik gedoen is, meen Berg (1998: 218), dat dit nie net lig sal werp op die spesifieke individu, groep of gemeenskap wat

nagevors is nie, maar die inligting kan van toepassing wees op soortgelyke individue, groepe of gemeenskappe. Volgens Bogdan en Biklen (1992: 66) is dit die taak van die navorser in 'n gevallestudie om te bepaal wat hy bestudeer, met ander woorde “ of what is this a case?”. Die sukses van enige navorsing, en dus ook in die geval van 'n gevallestudie, begin reeds by die onderwerp wat bestudeer gaan word. Die navorser moet met ander woorde daarop ingestel wees om voortdurend te evalueer hoe die navorsingsproses verloop, en sy navorsing daarvolgens aanpas.

Daar is met bogenoemde feite in gedagte, besluit op die gevallestudiemetode. Die groep XiTsonga-kindere wat in die navorsingsgroep ingesluit is, kom uit dieselfde gemeenskap en voldoen aan die vereistes vir 'n gevallestudie soos deur Berg (1998) beskryf word. Die kindere se ouderdomme wissel tussen ses en tien jaar. Hierdie kindere is ook leerders van dieselfde skool.

Die samestelling van die gevallestudie berus op die basis dat verskillende aspekte binne 'n gemeenskap kan lei tot die klassifikasie van 'n groep vir navorsingsdoeleindes.

Berg (1998: 220) verduidelik dit so: “ ... one might break down a community into its constituent physical parts, its human members too can be divided into groups. These groups may be classified in a number of different ways”. In dié geval het die klassifikasie berus op etnisiteit, taal, ouderdomsgroep, maatskaplike omstandighede, geografiese faktore (woonplek en skoolfasiliteite) en die bywoning van voorskoolse versorgingsoorde binne die betrokke gemeenskap. Albei geslagte is in die navorsingsgroep ingesluit. Die navorsingsgroep is verder saamgestel uit 'n eksperimentele groep en 'n kontrole groep (Mouton en Marais, 1991:80) om sodoende navorsingsbevindings te kontroleer en die geldigheid daarvan te bepaal.

#### **4.3.1 Evaluasie as deel van die gevallestudie**

Suchman (1967: 7) se definisie van evaluasie is in kort soos volg: “ ... evaluation in its more general sense means the general process of weighing or assessing the value of something”. Evaluasie speel 'n essensiële rol in die gevallestudie, en maak deel uit van die navorsingsproses.

In die betrokke gevallestudie wat onderneem is, moes die prestasies van die eksperimentele groep opgeweeg (geëvalueer) word teenoor die prestasies van die kontrole groep. Hierdie prestasies is gemeet aan die hand van uitslae van die JSAIS-skale, onderhoudvoering, observasie en die bestudering van skool-dokumente.

Hudson (1995: 3) praat van “impact or outcome evaluation” wanneer ‘n probleem opgelos of ‘n persoon se situasie in ‘n mate “verbeter” het. In die betrokke gevallestudie moes bepaal word of die eksperimentele groep, wat aan voorskoolse programme blootgestel was, en waar spesifieke kommunikasiemetodes gebruik was, se prestasies enige verskil (of ‘n verbetering getoon het) in vergelyking met dié van die kontrole groep. De Vos (1998: 374) sien die nut van impak-evaluasie as volg: “ Impact evaluations are essential when there is an interest in either comparing different programmes or testing the utility of new efforts to ameliorate a particular community problem”. In die geval van die betrokke navorsing is die voorskoolse programme, en spesifiek die wyse van aanbidding, die gemeenskaps-probleem wat geëvalueer moes word.

Verbeterde en/of veranderde kommunikasiemetodes was die voorafgaande vier jaar by die voorskoolse programme ingestel, met ander woorde, verskillende kommunikasietegnieke en -metodes (sien Hoofstuk 3) is toegepas en geëvalueer. Op hierdie wyse kon bepaal word watter van die metodes en tegnieke die meeste byval gevind het by die kleuters. Daarom is programme gemonitor as deel van die evaluasieproses. “ Without adequate programme monitoring it is impossible to estimate the extent to which an initiative and its specific programme elements or ‘treatments’ are efficacious” (De Vos, 1998: 373).

Die monitering van die programme hang nou saam met die evaluasieverslae (sien aanhangsel A) wat elke kwartaal ten opsigte van die kinders uitgevoer word. Die evaluasieverslae is ontwerp deur “Educare” en word deur die toesighouers voltooi.

Die evaluasieproses word deurentyd ondersteun deur die eksperimentele groep-ontwerp wat in die gevallestudie gebruik is en volg De Vos (1998: 374) se aanbeveling: “ Sometimes it is possible to use classical experimental designs in which control and experimental groups are conducted randomly and receive different treatments”. Die evaluasieproses kan gesien word as ‘n instrument om belangrike gegewens en inligting teenoor mekaar op te weeg. Die doeltreffendheid van dienslewering word dus beïnvloed deur die proses van evaluering wat plaasgevind het (De Vos, 1998: 380).

### 4.3.2 Data-insamelingsmetode wat gebruik is tydens die navorsing

Die "mixed-method" metode (De Vos, 1998:361) wat kwantitatiewe - sowel as kwalitatiewe tegnieke insluit, is ingespan om data in te samel. Daar is besluit op die "mixed-method" om die die navorsing se geldigheid te verhoog.

#### 4.3.2.1 Die kwantitatiewe tegniek

Die kwantitatiewe benadering leen hom daartoe dat data-insameling gekontroleerd kon plaasvind (Mouton en Marais, 1991: 159). Daar is gebruik gemaak van gestandaardiseerde toetse (Madge, 1992) wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) opgestel is. Hierdie toetse is uitgevoer deur 'n opvoedkundige sielkundige. Op hierdie wyse was die navorser nie direk betrokke by die afneem van die toetse nie en dit het groter afstand tussen die navorser en die studie tot gevolg gehad. Die navorser kon dus meer "objektief" in die waarneming en evaluering van die toetsresultate (Mouton en Marais, 1991: 167) wees.

Die kwantitatiewe metode van data-insameling sluit verder die bestudering van dokumente (Mikkelsen, 1995: 223) in, wat in hierdie geval skooldokumente en spesifiek vorderingsverslae insluit. Respondente se skoolvordering is gemeet aan die hand van hulle skoolprestasies op akademiese gebied. Die gemiddeldes van die respondente in die eksperimentele groep is vergelyk met die gemiddeldes van die respondente in die kontrole groep. Op hierdie wyse kon die navorser evalueer of die respondente in die eksperimentele groep oor beter leerpotensiaal beskik as die respondente in die kontrole groep.

#### 4.3.2.2 Die kwalitatiewe tegniek

Die kwalitatiewe navorsingstegniek wat in die navorsingsproses gebruik is, was die ongestruktureerde onderhoud (Schurink, 1998: 299) wat met die ouers en onderwysers gevoer is. 'n Onderhoudskedule is ontwerp as "a guideline for the interviewer and contains questions and themes that are important to the research" (Schurink, 1998: 299). Deur gebruik te maak van die ongestruktureerde onderhoud was die navorser in staat om 'n

hipotese te vorm betreffende die ouers se beperkte skolastiese vermoëns wat 'n stremmende invloed kon hê op die stimulasie wat hulle aan hulle kinders op voorskoolse vlak sowel as op skoolvlak kan bied. Hierdie hipotese kon getoets word aan die hand van die uitslae van die gestandaardiseerde toetse sowel as die bestudering van skooldokumente.

Die ander voordeel van onderhoudvoering was dat die navorser meer persone kon betrek gedurende enige stadium van die navorsing (Doby, 1967: 278). Daar is byvoorbeeld onderhoude gevoer met onderwysers van die betrokke skool binne die gemeenskap. Op hierdie wyse kon vasgestel word of die kinders wat versorgingsoorde bygewoon het, beter op skool presteer.

Die doel van die onderhoude met die ouers was om vas te stel of die kommunikasietegnieke en -metodes wat toegepas word binne die versorgingsoorde hulle kinders enigsins bevoordeel in hulle vordering op skool. Aangesien al die ouers hulle kinders se belange op die hart dra, was hulle samewerking bevredigend en kon wedersydse vertrouwe die basis vorm waarop data tydens onderhoude ingesamel is (Schurink, 1998: 303). Daar is ook bepaal wat ouers se persoonlike skolastiese vlak is en hoe hulle ( indien enigsins ) 'n bydrae lewer tot die stimulering van hulle kinders.

#### **4.3.2.3 Observasie (waarneming)**

Observasie of waarneming is 'n belangrike navorsingsmetode wat volgens Caplow ietwat verwaarloos word (1971:51). Caplow wys egter daarop dat enige studie van menslike gedrag aangewese is op die navorser se waarnemings. Observasie verg “ a great deal of training and practice, and it places the observer under emotional and intellectual strain” (Caplow, 1971:51).

Tydens die navorsing het die navorser gebruik gemaak van direkte waarneming tydens onderhoude met die ouers. Dit behels dat verskillende reaksies van die ouers waargeneem is soos liggaamshouding, emosies rondom hulle kinders se skoolvordering en die aandag wat hulle aan hulle kinders bestee. Daar is ook gebruik gemaak van indirekte waarneming naamlik die besudering van skooldokumente en die afneem van die JSAIS-skale (Mouton en Marais, 1991:122).



Omdat die navorser as ontwikkelaar van die versorgingsoorde op die landgoed werksaam is, bring dit mee dat die navorser betrokke is in verskeie aktiwiteite waarin die ouers en kinders in die gemeenskap deelneem (komiteeverkiesings en –vergaderings, samesprekings met die ouers, uitstappies met die kinders, evaluasie van die kinders saam met die toesighouers, funksies en inspeksies van die versorgingsoorde). Waarneming verwys dus in hierdie geval na ‘n proses wat oor ‘n tydperk van ‘n paar jaar gestrek (Schurink, 1998:283) het.

#### **4.3.2.4 Opsomming**

Met die kwantitatiewe navorsing was die navorser in staat om van "buite af" (Mouton en Marais, 1991: 167) te bepaal wat die leerpotensiaal van beide die kontrole groep sowel as die eksperimentele groep was, deur die resultate van gestandaardiseerde toetse wat deur 'n onbetrokke spesialis afgeneem en verwerk is, te evalueer en te vergelyk.

Met die kwalitatiewe navorsing was die navorser, deur middel van die tegniek van onderhoudvoering, betrokke in 'n proses van deelnemende waarneming (Mikkelsen, 1995: 71), wat van "binne af" die lewenswerklikheid van die navorsingsgroep kon waarneem.

Dokumentasie wat bestudeer is, maak deel uit van die kwantitatiewe navorsing en is 'n belangrike instrument (Mikkelsen, 1995: 223) in die navorsingsproses.

### **4.4 Die navorsingsverloop**

Die navorsingsgroep het kinders ingesluit wat die voorskoolse klasse op die landgoed bygewoon het tussen 1996 en 1998 (gedurende 1996 word die vyf- tot sesjarige kinders geskei van die ander kleuters om meer intensiewe aandag aan hulle te skenk). Hierdie kinders is almal reeds op skool en daar kon dus 'n vergelyking getref word tussen hulle vordering op skool en die vordering van kinders wat nie aan voorskoolse programme blootgestel was nie. Dit dui met ander woorde op die meetbare verandering in die eersgenoemde groep kinders se skoolprestasies (De Vos, 1998:52). Die navorsingsonderwerp is geïdentifiseer deur die navorser wat van dag tot dag

betrokke is by die versorgingsoorde (Sithole, 1991: 3) en is gemotiveer deur die navorser se betrokkenheid as ontwikkelaar van die versorgingsoorde. Dit kan met ander woorde beskryf word as selfgeïnisieerde navorsing (Mouton en Marais, 1991: 38).

Selfgeïnisieerde navorsing beteken dat die navorser self die keuse maak ten opsigte van die navorsingsonderwerp. Mouton en Marais (1991:38) verwys daarna as “ grotendeels die verantwoordelikheid van die navorser self.” Die belangstelling en motivering van die navorser se studies beïnvloed noodwendig sy/haar keuse van die navorsingsonderwerp.

‘n Persoon wat in die praktyk staan, byvoorbeeld ‘n ontwikkelaar, kan navorsing en die uitvoering van daaglikse pligte kombineer. Brown (1981:35) het gevind dat die onderwerp van studie, in laasgenoemde geval, voortspruit uit die daaglikse interaksie van die werker met ander persone (kliënte) in ‘n werksituasie.

In hierdie navorsingsprojek was selfgeïnisieerde navorsing die gevolg van die navorser se betrokkenheid as ontwikkelaar by die versorgingsoorde. Die navorser se belangstelling in die kinders se ontwikkeling binne die versorgingsoorde is sodanig gestimuleer, dat dit aanleiding gegee het tot die behoefte aan kennisvermeerdering rondom die onderwerp (Sithole, 1991:5).

Die proses van seleksie ten opsigte van die eksperimentele groep en die kontrole groep, vorm ‘n belangrike onderdeel van die navorsingsproses en word vervolgens bespreek.

#### **4.4.1 Die proses van seleksie**

Daar is besluit om 'n navorsingsgroep so saam te stel dat dit die navorser in staat sou stel om op 'n gestruktureerde wyse te werk te gaan. Met die insameling van data moes die navorser poog om beheer uit te oefen oor die navorsingsituasie (Mouton en Marais, 1991: 80 en Caplow, 1971: 60 ). Daar is dus 'n eksperimentele groep saamgestel asook 'n kontrole groep. Beide groepe moes homogeen wees ten opsigte van eienskappe (Berg, 1998) wat die volgende insluit:

- getal lede
- geslag
- ouderdom
- geografiese omstandighede

- etnisiteit en taal
- dieselfde staatskool bywoon
- eksperimentele groep: kinders wat Letaba Landgoed se voorskoolse groepie bygewoon het
- kontrole groep: kinders wat op Letaba Landgoed woon maar nie voorskoolse programme bygewoon het nie

Na verfyning het die eksperimentele groep en die kontrole groep soos volg daar uitgesien:

- getal lede: tien in elke groep
- geslag: seuns en dogters
- ouderdom: tussen ses en tien jaar
- geografiese omstandighede: woonagtig in dieselfde gemeenskap, naamlik Letaba Landgoed
- etnisiteit en taal: XiTsongabevolking en XiTsongasprekend  
staatskool: Letaba Landgoedskool
- eksperimentele groep: moes die Letaba Landgoed se voorskoolse klasse bygewoon het op die ouderdom vyf- tot sesjaar
- kontrole groep: moes geen voorskoolse klasse bygewoon het tussen die ouderdom van vyf- tot sesjaar nie

'n Klaslys vanaf graad 1 tot graad 3 is by die waarnemende skoolhoof van die Letaba Landgoedskool verkry waarop aangedui is watter kinders van die XiTsongabevolkingsgroep is en wie XiTsonga as moedertaal besig. Die graad 1 tot graad 3 leerders sluit die groep kinders in wat die voorskoolse programme tussen 1996 en 1998 bygewoon het, en dit 'n volle kalenderjaar gevolg het tot einde 1998. Die kinders wat die voorskoolse programme vir ses maande gedurende 1995 bygewoon het, is nie by die steekproef ingesluit nie.

Die uiteindelijke eksperimentele groep is soos volg saamgestel:

vier graad 1 leerders waarvan twee seuns en twee dogters was ( tussen ses en sewe jaar )

drie graad twee leerders waarvan een seun en twee dogters ( tussen agt en nege jaar )

drie graad drie leerders waarvan een seun en twee dogters ( tussen nege en tien jaar )

Die kontrole groep is op dieselfde wyse saamgestel deur tien leerders te neem soos hierbo bepaal, met dieselfde ouderdomme as die kinders in die eksperimentele groep. Beide groepe het uit tien leerders bestaan, - vier seuns en ses dogters - omdat meer dogters as seuns die voorskoolse programme bygewoon het en die kontrole groep dus volgens dieselfde wyse saamgestel moes word. Die gebruik van die tegniek van ewekansige toewysing (Mouton en Marais, 1991: 95) het verseker dat die eksperimentele- en kontrole groepe vergelykbaar is.

Die navorser het dit goedgevind om 'n opvoedkundige sielkundige te nader om behulpsaam te wees met die afneem van "objektiewe" toetse. Laasgenoemde het voorgestel dat die Junior Suid-Afrikaanse Individuele Skale (Madge, 1992) gebruik word, soos opgestel deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, wat leerders se leerpotensiaal en Intelligense Kwasiënt bepaal voor die ouderdom van agt jaar. Dit word vervolgens bespreek onder die beskrywing van die data.

#### **4.4.2 Beskrywing van die data**

'n Kort beskrywing van die navorsingstegnieke wat gebruik is, word weergegee. Daar word eerstens na die JSAIS-skale gekyk en daarna word die onderhoude en dokumentasie bespreek.

##### **4.4.2.1 Agtergrond van die Junior Suid-Afrikaanse Individuele Skale ( JSAIS )**

Die ontstaan en samestelling van die JSAIS-skale (psigometrie toetse) het gespruit uit 'n behoefte wat onder andere by die Provinsiale Onderwys-departemente ontstaan het en reeds gedurende 1967 geïdentifiseer is. Hierdie behoefte sou aanleiding gee tot die samestelling van gestandaardiseerde toetsmateriaal wat die jonger kind (vanaf minstens die ouderdom van vier jaar) se intelligensie kan meet. Onderwysdepartemente en Universiteitsklinieke het die behoefte aan 'n intelligensieskaal vir hierdie ouderdom bevestig.

Die oogmerke van so 'n intelligensieskaal is onder andere:

- die vasstelling van verstandelike vertraging

- voorspelling van toekomstige skoolprestasie
- ondersoek van moontlike agterstande op verskillende gebiede van intellektuele funksionering
- ondersoek aangaande ontwikkelingsvertraging, omgewingsagterstande en organiese breinbeskadiging (Madge, 1992: 1).

Die samestelling van die intelligensieskaal bestaan nie uit een homogene of heterogene reeks items wat in 'n enkele telling saamgevat word nie. Die skaal moet diagnosties sowel as prognosties nuttig wees en vereis dus 'n "differensiële battery toetse" (Madge, 1992:2). Die doel van die skaal is nie slegs om 'n globale IK-syfer te verkry op grond waarvan intellektuele skoolgereedheid en/of sukses in aanvangsklasse voorspel word nie; dit moet ook gebruik kan word in die diagnose van leerprobleme wat "die vroeë sielkundig-opvoedkundige uitkenning van kinders met potensiële leersteurings met behulp van 'n profiel van intellektuele vermoëns" kan uitwys (Madge, 1992: 2).

'n Profiel van 'n kind se vermoëns word verkry wanneer die resultate van die afsonderlike toetse waaruit die individuele skaal bestaan, in die vorm van standaardpunte, grafies voorgestel word. Die gemiddelde prestasie in die onderskeie toetse van die differensiële battery, kan beskou word as 'n weerspieëling van 'n kind se algemene prestasiepeil op die gebied wat die toets dek. Die JSAIS-skaal is dus saamgestel om 'n profiel van 'n kind se vermoëns te kan voorsien. Die hoofdoel van die toetsbattery is tweërlei van aard:

- eerstens om die algemene intelligensiepeil vas te stel van kinders tussen die ouderdomme van drie jaar en nul maande tot net voor hulle die ouderdom van agt jaar bereik, en
- om 'n kind se relatiewe sterk- en swak punte in sekere fasette van intelligensie te evalueer.

Die JSAIS-skale is saamgestel uit verbale- en handelingstoetse om die verbaal-arm kind ook die geleentheid te bied om te wys waartoe hy in staat is. Die direkte verbale intelligensiekomponent is egter ook betrek. Die inhoud van die skaal is so saamgestel dat dit die belangstelling van die kind moet prikkel. Nie-intellektuele faktore soos konsentrasie, volharding, werkgewilligheid, ywer, frustrasietoleransie en vlotheid van

beweging speel ook 'n rol by toetsprestasie. Daar word egter in die reël nie kwantitatiewe tellings ten opsigte van laasgenoemde faktore verkry wanneer 'n intelligensietoets toegepas word nie. Die toetstake moet so gekies word dat die toetsafnemer in staat gestel word om 'n aanduiding te kry van die wyse waarop 'n kind die taak verrig. Sy aandagtoespitsing moet ook deur die toetsafnemer waargeneem kan word. Vir hierdie doel word konstruksietake soos blokkiesbou of sortering van gekleurde voorwerpe nuttig ingespan.

Volgens die samestellers van die individueleskale (Madge, 1992), bestaan daar nog geen algemene aanvaarde definisie van intelligensie nie. Volgens die betrokke bron "is daar egter redelike ooreenstemming dat die opvatting van intelligensie as 'n komplekse, veelsydige begrip, sinvoller en nuttiger vir 'n verskeidenheid van doeleindes is as die siening daarvan as 'n enge, eendimensionele begrip of eienskap" (Madge, 1992:5). Die samestellers (Madge, 1992) beweer verder dat daar redelike bewyse is vir die bestaan van afsonderlike intellektuele vermoëns. Die verskille in sienswyses rondom hierdie veronderstelling sentreer rondom twee vrae naamlik:

- in watter mate hierdie vermoëns as verbandhoudend met mekaar beskou moet word, en
- die voorspellingswaarde van die afsonderlike vermoëns ten opsigte van byvoorbeeld skoolprestasies.

Met die opstel van die JSAIS-skale is daar van die standpunt uitgegaan dat intelligensie 'n samestelling is van verwante verstandelike vermoëns. Sommige van hierdie vermoëns het 'n nouer verband as ander wat betref doeltreffende funksionering in die skoolsituasie. Op grond daarvan kan voorspellings gemaak word wat 'n kind se skoolprestasies mag wees. Die aanname is dat die verskillende vermoëns van 'n kind nie totaal onafhanklik van mekaar is nie (Madge, 1992:5). Dit impliseer dat 'n totale telling in die skole, waaruit die intelligensieskaal saamgestel is, 'n breër, onderliggende faktor van algemene intelligensie verteenwoordig.

Die sogenaamde primêre verstandelike vermoëns "tree te voorskyn op 'n laer vlak van algemeenheid en hou verband met verskillende verstandprosesse en verskillende

toetsinhoud " (Madge, 1992: 6). Met die opstel van die individuele skale was die volgende stap dus om te besluit watter verstandspesesse betrek moet word en watter tipe toetstake vir die meting daarvoor gebruik moes word.

'n Rationele skema moes opgestel word om te verseker dat in die finale battery, al die belangrikste fasette van verstandelike funksionering verteenwoordig sal wees. Die komitee wat die JSAIS-skale saamgestel het, het 'n skema opgestel wat uit twee fasette bestaan, naamlik 'n inhoudfaset en 'n prosesfaset.

Die inhoudfaset het betrekking op die aard van die toetstake, byvoorbeeld figure, simbole en semantiese inhoud. Die prosesfaset het betrekking op dit wat die toetsling moet doen om 'n toetstaak uit te voer. Die elemente van elke faset moes om praktiese redes beperk word tot die mees essensiële.

Die inhoudfaset is beperk tot verbale stimuli, kwantitatiewe stimuli en ruimtelike stimuli (objekte, figure en prente). Die prosesfaset is in vyf elemente opgedeel naamlik konsepverwerking (kognisie), konvergente produksie, evaluering, divergente produksie en geheue. Hierdie prosesse word nie as onderling uitsluitend of duidelik afskeibaar beskou nie.

Die finale JSAIS-skale is so saamgestel dat die Globale IK-skaal die kind se begripsvermoë, redeneervermoë, oordeelsvermoë en geheuevermoë evalueer wanneer hy numeriese probleme oplos en konkrete materiaal manipuleer.

Die verbale IK-skaaltoets evalueer 'n kind se vermoë om verbale stimuli te verstaan en te verwerk en sy gedagtes mondelings uit te druk.

Die handelingskaal evalueer 'n kind se vermoë om nie-verbaal te redeneer deur die manipulerings van konkrete materiaal, visueel-motoriese koördinasie en visuele begripsvorming.

Die numeriese skaal evalueer 'n kind se vermoë om te tel en numeries te redeneer. Geheue is 'n essensiële vaardigheid wat nodig is vir goeie prestasie in hierdie skaal.

Die geheueskaal sluit die volgende in:

- Storiegeheue
- Syfergeheue
- Absurditeite A: ontbrekende dele

Die geheueskaal evalueer korttermyngeheue aan die hand van stimuli soos woorde en syfers. Die langtermyngeheue word geëvalueer aan die hand van voorwerpe of die struktuur van voorwerpe. Ouditiewe persepsie is noodsaaklik vir die sukses in storiegeheue en syfergeheue, terwyl visuele persepsie noodsaaklik is by Absurditeite A (benaming van 'n toets). Elke geheuetoets word ook in óf die verbale, óf die handelingskaal (nie-verbale) óf numeriese skaal ingesluit.

Die JSAIS-skaal bestaan as 'n geheel uit 'n battery van twee-en-twintig toetse (sien Aanhangsel B). In die loop van die standaardiseringsproses is besluit dat driejarige en sewejariges ook by hierdie skale betrek moet word.

#### **4.4.2.2 Rede waarom die JSAIS-skale gebruik is in die navorsing**

Op aanbeveling van die opvoedkundige sielkundige is die kinders in die navorsingsgroep, wat onder die ouderdom van agt jaar oud was ten tye van die afneem van die toetse, betrek by die skale. Die toetse is deur die genoemde spesialis afgeneem en geëvalueer en hy het sy bevindinge aan die navorser bekend gemaak. Die navorser was indirek betrokke aangesien slegs die resultate van die toetse geanaliseer moes word aan die hand van die opvoedkundige sielkundige se professionele terugvoer.

Slegs vier respondente (kinders) in beide die eksperimentele groep en die kontrole groep was geskik om by die betrokke skale te betrek (slegs respondente jonger as agt jaar kon volgens die voorskrifte van die skale by die toetse betrek word). Hulle was die geselekteerde groep uit die bogenoemde eksperimentele- en kontrole groep. Ten opsigte van die res van die respondente in die navorsingsgroep, sou skooldokumente as 'n maatstaf gebruik word om hulle leerpotensiaal en -vordering te bepaal.

Die insluiting van die individuele skale (gestandaardiseerde toetse) as navorsingstegniek, kan alleenlik sinvol wees indien die toetse volledig bespreek word. Slegs die toetse wat gebruik kon word, word bespreek.



#### 4.4.2.3 'n Bespreking van die JSAIS-skale ( wat elke afsonderlike toets behels )

Elke skaal word afsonderlik bespreek. Die gemiddelde punttoekenning soos deur die opvoedkundige sielkundige voorsien, word in hoofstuk 5 bespreek.

Die skale word bespreek aan die hand van die handleiding wat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing opgestel het (Madge, 1992).

- **Vormbord**

Die toets is saamgestel uit elf items wat bestaan uit verskillende geometriese vorms. Hierdie vorms is ongeveer 3mm diep in 'n plastiese bord versink. Elke vorm word presies deur twee tot vier los deeltjies gevul. Die respondent moet hierdie los deeltjies in die verskillende vorms op die bord inpas. Slegs deeltjies vir een vorm word telkens aan die respondent voorgelê om te voltooi. 'n Sekere tydsbeperking geld vir elke item en word by die punttoekenning in aanmerking geneem.

- a) **Doel**

Die toets is opgestel om vorminsig te meet ten opsigte van herkenning, begrip en manipulering van drie-dimensionele figuurstimuli; begrip van die verband tussen dele en 'n geheel; begrip van die posisie en rangskikking van geometriese visuele figure in die ruimte; vormdiskriminasie; visuele organisasievermoë en psigometriese vaardigheid.

## **b) Rasionaal**

Die respondent moet die dele met die hele figuur kan identifiseer. Die aanname is dus dat die sintese van dele in georganiseerde geheel 'n belangrike faset van konsepverwerwing op visueel-ruimtelike gebied is. Hierdie tipe toets is nuttig ten einde aanduidings te gee van kwalitatiewe aspekte van 'n kind se werkwyse. Dit gee ook 'n aanduiding van temperamentfaktore by die respondent wat 'n rol speel by die oplossing van konkrete probleme. 'n Kind wat maklik tou opgooi of ongemotiveerd is, asook die een wat met 'n ondoeltreffende werkwyse volhard, behoort maklik uitgeken te word tydens die toepassing van hierdie toets. Die toetsafnemer kan ook waarneem wat die respondent se reaksie op eie foute is.

- **Woordeskat**

Die toets bestaan uit twee gekleurde kaarte waarop 'n aantal prentjies voorkom asook vier-en-dertig swart-en-wit kaarte met vier prentjies op elke kaart. Van die respondent word verwag om telkens 'n prentjie te kies wat ooreenstem met 'n objek, handeling, kwaliteit, eienskap, ensovoorts wat deur die toetsafnemer genoem word. Hierdie toets is gebaseer op die klassieke prentjie-tipe woordeskattoetse vir kinders.

## **a) Doel**

Die doel van die toets is om die herkenning, begrip, identifisering en interpretasie van verbale simbole te meet. Die volgende prosesse en funksies tree meer spesifiek na vore: herwinning van assosiasies of algemene inligting uit die geheue; die eduksie van identiteite of ooreenkomste tussen 'n verbale en 'n prentjie-stimulus; die ondersoek van verskeie gedeeltes van 'n visuele stimulus; die herinterpretasie van 'n moontlike dubbelsinnige item,

## b) Rasionaal

Hierdie toets word gebaseer op die aanname dat 'n kind se begrip van 'n woord bepaal kan word deur die identifisering van 'n prentvoorstelling van die woord. Op hierdie wyse demonstreer die kind sy vermoë om die gesproke taalgebruik van ander te verstaan.

- **Parate kennis**

Die toets bestaan uit agt-en-twintig redelik eenvoudige vrae wat deur die toetsafnemer gestel word, byvoorbeeld: “ Kan jy die son raak? Waarom nie? ” 'n Mondelinge respons van die toetsling word verwag. Die vrae is so opgestel dat die spontane belangstelling van die kind in sy omgewing die hoof faktor by die beantwoording daarvan is. Dit sluit nie soseer kennis in wat in 'n formele leersituasie verwerf is nie.

## a ) Doel

Die toets word gerig op die meting van die omvang van die algemene kennis waaroor 'n kind beskik. Dit sluit in feite wat belangrik is vir doeltreffende funksionering binne sowel as buite die skool. Die spesifieke prosesse en funksies wat vermoedelik 'n rol speel by toetsprestasies, is die volgende:

- herwinning van assosiasies of algemene inligting uit die langtermyngeheue;
- taaluitdrukkingsvermoë;
- belangstelling vir en oriëntasie in die werklikheid;
- induktiewe redeneervermoë.

## b ) Rasionaal

Die toets berus op 'n aantal aannames.

- Eerstens demonstreer die respondēt, wanneer hy vrae beantwoord, sy vermoë om deur middel van ervaring en leer, begrippe te verwerf. Sy vermoë om inligting waaroor hy beskik te omvorm om 'n spesifieke probleem op te los, word ook gedemonstreer.
- Kennis wat 'n respondēt uit sy ervaring verwerf, behou en aanwend, nuttig is vir sy huidige funksionering. Hierdie kennis is ook nuttig vir die verwerwing van verdere, gevorderde kennis en dien as 'n basis vir interpersoonlike kommunikasie.
- Intelligensie word weerspieël in die wyse waarop die respondēt sy wêreld verken. Wanneer 'n kind aktief betrokke is in sy wêreld, sal hy oor meer inligting beskik en dit beter kan gebruik om intelligenter op te tree as die kind wat sy wêreld passief ervaar. Laasgenoemde impliseer dus dat 'n kind se prestasie in die Parate Kennistoets sy besondere belangstellings en rykheid van sy vroeëre omgewing sal weerspieël.

#### • **Getal- en kwantiteitbegrippe**

Hierdie toets bestaan uit twee dele. Deel A bevat een-en-dertig items waar die respondēt hoofsaaklik na 'n prentjie op 'n kaart moet wys om sy antwoord aan te dui. In ses van die vrae word die respondēt se telvermoë getoets. Sestien vrae het betrekking op kwantiteitbegrippe soos hoeveelheid, inhoud, lengte, massa, ensovoorts. Nege vrae behels eenvoudige konkrete berekeninge soos optel, aftrek en deel asook eenvoudige breuke.

Deel B bestaan uit vyftien hoofrekenprobleme. Hierdie vrae word verbaal gestel en moet verbaal beantwoord word. Deel B word net aan die ses- en sewejarige respondente gevra. Formele skoolonderrig kan prestasie in hierdie geval beïnvloed, maar die probleme is van so 'n aard dat 'n respondēt wat nog geen formele wiskunde-onderrig ontvang het nie, die berekeninge kan doen.

### **a ) Doel**

Deel A is bedoel om die begrip van en vaardigheid met die manipulering van kwantitatiewe materiaal op relatief konkrete wyse te meet. Die volgende prosesse en funksies word hierby betrek: telvermoë, vermoë om basiese wiskundige bewerkinge toe te pas, beoordeling van hoeveelheid, grootte, lengte, inhoud; begrip van relasionele terme; ruimtelike ordening, relatief konkrete wiskundige redeneervermoë.

Deel B meet wiskundige redeneervermoë op 'n abstrakter vlak, en meer spesifiek numeriese akkuraatheid in hoofrekenprobleme.

### **b ) Rasionaal**

Die toets berus op die volgende aanname:

- Die begrip van getal en kwantiteit asook die vermoë om getalbegrippe te manipuleer, is belangrike fasette van 'n kind se vermoë om doeltreffend in die skool en ander lewenssituasies te funksioneer. Verstandelike helderheid is 'n vereiste vir die sinvolle manipulering van syfers. Getal- en kwantiteitbegrippe toon 'n sterk verband met intelligensie (Madge, 1992: 22).

Volgens die opstellers van die JSAIS-skale, is hierdie toets in 'n mate gebaseer op die teorie van Piaget waarvolgens die konsep van kwantiteit teen ongeveer vyf – tot sewejaar begin ontwikkel (Madge, 1992 : 22). Die kind in laasgenoemde ouderdomsgroep begin hoeveelheid en inhoud, grootte en inhoud, lengte en inhoud, ensovoorts onderskei. Ongeveer die helfte van die items van Deel A is gebaseer op die differensiasie van die kwantiteitbegrip. Daar word veronderstel dat die makliker items 'n goeie basis bied vir die evaluering van basiese konsepverwerwing, kwantitatiewe oordeelsvermoë en redeneervermoë by die jonger kinders.

By Deel B word van die respondent verwag om verbaalgestelde probleme om te sit in wiskundige operasies. Hierdie toets is gebaseer op die vermoede dat dit aktiewe konsentrasie en aandagtoespitsing vereis om die toets te voltooi. Dit is in teëstelling met die aanname dat passiewe aandagtoespitsing voldoende is vir goeie prestasie in 'n syfergeheuetoets (herhaling in dieselfde volgorde).

Die vermoede bestaan volgens die opstellers van die JSAIS-skale (Madge, 1992: 22) dat indien 'n respondent se prestasie in Deel B betekenisvoller laer is as sy prestasie in Syfergeheue, dit 'n aanduiding kan wees van of swak rekenaanleg of 'n innerlike angs vir rekentake. Dit word veral afgelei wanneer prestasie in verbale toetse betekenisvol hoër is as prestasie in Deel B van Getal- en kwantiteitbegrippe.

- **Syfergeheue**

Die toets is soortgelyk aan tradisionele syfergeheuetoetse. Deel A bestaan uit ses items waar die respondent syferreekse van twee tot sewe syfers in dieselfde volgorde moet herhaal waarin die toetsafnemer dit gelees het. Deel B word slegs aan ses- en sewejariges voorgelê. Hier moet die respondent reeks van twee tot vyf syfers in omgekeerde volgorde herhaal. Die simbole in 'n syfergeheuetoets het geen logiese verband met mekaar nie, wat wel die geval is in 'n storiegeheuetoets.

**a.) Doel**

Die toets is ontwerp om ouditiewe sekwensiële korttermyngeheue met behulp van numeriese materiaal te meet. Deel B vereis ook die herorganisering van die stimuli.

**b) Rasionaal**

In die toets word van die respondent vereis om 'n aantal elemente wat geen logiese verband met mekaar het nie, in die geheue op te roep, te bewaar en te

reproduseer. Volgens die JSAIS-skaal, is die snelle opneming en reprodusering van inligting, 'n belangrike faset van intelligensie (Madge, 1992: 23). Syfergeheuetotse blyk van besondere diagnostiese belang te wees en wel om die volgende redes:

- a) dit 'n goeie toets is vir die laer intelligensievlakke;
- b) 'n duidelike uitval in hierdie toetse dikwels 'n aanduiding van geestelike agteruitgang is (soos in bepaalde gevalle van organisiteit).

Lae tellings kan ook die gevolg wees van 'n gehoorsteurnis.

### • **Blokpatrone**

Die respondent word gevra om 'n reeks van agtien strukture en ontwerpe te bou met rooi, wit en rooi-en-wit blokkies. Die toetsafnemer bou by die eerste ses items 'n struktuur wat die respondent moet naboots. Van die sewende item af word 'n model wat die toetsafnemer gebou het, langs die tweedimensionele ontwerpkaart gelaat vir die respondent om na te boots. Die moeiliker items vereis van die respondent om self van die ontwerpkaart af te bou, sonder enige model van die toetsafnemer. Die respondent mag 'n tweede poging aanwend indien die eerste poging misluk het. Tyd word van die vyfde item af in ag geneem by die puntetoekenning. Indien die respondent slegs gedeeltelik slaag om by die makliker items die taak te voltooi, kan hy punte verdien.

#### **a) Doel**

Die doel van hierdie toets is om konvergente produksie (redenering) te meet aan die hand van figuurmateriaal (visueel-ruimtelike redenering). Prosesse en funksies wat betrek word is: begrip van figuurstimuli; eduksie van identiteite of ooreenkomste tussen twee of meer figuurstimuli; patroonwaarneming, -analise, -herkodering en -sintese; abstrakte konseptualiseringsvermoë en die vermoë om te veralgemeen; visueel-

motoriese koördinasie; visueel-motoriese spoed; waarneming van ruimtelike verhoudings.

### **b) Rasionaal**

Die aanname in die toets is dat die vermoë om te ontleed, saam te stel en 'n abstrakte twee-dimensionele ontwerp te reproduseer, as 'n geldige kriterium van intelligensie beskou kan word (Madge, 1992: 24).

Die korrekte nabootsing van drie-dimensionele blokmodelle wat deur die toetsafnemer gebou word, vereis dat die posisie van twee of meer voorwerpe in verhouding tot sigself en in verhouding tot mekaar, korrek waargeneem word. Die aanname bestaan dus dat die toetsling wat hier probleme ondervind, vermoedelik probleme sal ondervind met byvoorbeeld lees en wiskunde (gebiede wat waarneming van ruimtelike verhoudings vereis).

Die abstrakte twee-dimensionele geometriese patrone by die moeiliker items, moet in elemente ontleed word ten einde 'n drie-dimensionele figuur te reproduseer. Die nut van hierdie items is om na te gaan of die toetsling sy oplossingstrategie konsekwent deurvoer. Verder word waargeneem of die toetsling weet hoe om sy oplossingstrategie aan te pas en of hy 'n besondere strategie onbuigsaam handhaaf.

- **Storiegeheue**

Die toetsafnemer lees 'n eenvoudige "storie" vir die toetsling voor. Daarna moet die toetsling die storie oorvertel. Die doel van die toets is om die korttermyngeheue vir sinvolle verbale materiaal te meet.

Op aanbeveling van die opvoedkundige sielkundige, is hierdie toets nie uitgevoer nie, en wel om die volgende redes:

a) Daar by die vorige toetse met behulp van 'n tolk te werk gegaan moes



word, omdat die kinders XiTsongasprekend is. Hierdie toets kan nie met behulp van 'n tolk suksesvol uitgevoer word nie,

- b) Die “storie” wat gebruik word, val glad nie binne die verwysingsraamwerk van die Tsonga kultuur nie. Die storie handel oor 'n pappa- en mammamuis wat 'n teepartytjie beplan. Tee en koekies word voorgesit en blomme word gerangskik vir die geleentheid (volgens Westerse kultuur waarmee die agtergeblewe gemeenskappe nie identifiseer nie).

### **Prentraaisels**

Die toets bestaan uit ses-en-twintig items. Elke item bestaan uit 'n kaart waarop een tot vier voorwerpe in kleur afgebeeld is. Die toetsling moet 'n vraag beantwoord deur slegs na 'n prentjie te wys. Die maklikste items is redelik konkreet, byvoorbeeld: “Watter een kan die beste swem?”

Die stimuli is 'n haan, 'n kat, 'n seilbootjie en 'n vis. Die moeiliker items is meer abstrak, byvoorbeeld: “Wat het 'n oog, maar kan nie sien nie?” Die stimuli is 'n kind, 'n uil, 'n vis en 'n naald.

#### **a) Doel**

Die toets is ontwerp om konkreet-praktiese evaluering te meet. Die volgende funksies en prosesse word hierby ingesluit:

- begrip van taalstimuli;
- konstruksie van hipoteses;
- herinterpretasie van idees en simbole;
- beoordeling van 'n prikkel in die lig van 'n gegewe standaard.

#### **b) Rasionaal**

“Die kind moet inligting in die vorm van prentjies met verbale beskrywings integreer ten einde die korrekte prentjie te kan selekteer” (Madge, 1992: 26).

Die verwantskappe tussen verskillende stimulusprente moet ook nagegaan en geëvalueer word. Wanneer die toetsling konkrete objekte aan die hand van verbale beskrywings identifiseer en isoleer, word aangeneem dat hy sy vermoë demonstreer om relatief komplekse taal te verstaan.

Die aanname is dat 'n prentaaiseltoets (by hierdie ouderdomsvlak) 'n geldige meting verskaf van 'n kind se vermoë om relatief komplekse idees te herdefinieer en te transformeer om aan nuwe vereistes te voldoen. Die vermoë om die geskiktheid en doeltreffendheid van idees en simbole in die lig van gegewe kriteria te beoordeel, verteenwoordig 'n belangrike aspek van intellektuele funksionering (Madge, 1992).

- **Woordassosiasie**

Die toets bestaan uit dertig onvoltooide sinne wat aan die toetsling deur die toetsafnemer gestel word. Die toetsling moet die sinne dan voltooi. By twee-en-twintig items word van die toetsling verwag om die teenoorgestelde van die sleutelwoord aan te dui, byvoorbeeld: “'n Muis is **klein** en 'n olifant is (groot)”. By die res van die items moet die toetsling 'n gepaste handeling of 'n objek noem wat aansluit by iets wat die toetsafnemer genoem het, byvoorbeeld: “'n Voël vlieg en 'n vis....(swem)”.

- a) **Doel**

Die toets is opgestel om die vermoë te meet om relasioneel te dink aan die hand van suiwer verbale stimuli. Die spesifieke prosesse en funksies wat betrek word, is die volgende: assosiatiewe vermoë; konseptuele denke en verbale vlotheid.

- b) **Rasionaal**

Die aannames hier is dat:

- Die vermoë om 'n woord of idee te produseer wat aan vereistes ten opsigte

van 'n spesifieke verband voldoen, essensieel is vir die vordering op skool (Madge, 1992: 27).

- 'n Tweede aanname deur die opstellers is dat die vermoë om relasioneel te dink, 'n belangrike aspek van intelligensie verteenwoordig.
- dat soortgelyke prosesse, soos hierbo genoem, is onderliggend aan assosiatiewe reaksies op stimuli en analogiese probleemoplossing (Whiteley 1976 en De Zeeuw 1971). Dit word ook as een van die mees betroubare verbale skatters van algemene intelligensie beskou (Madge, 1992: 27).
- 'n assosiasietoets (wat nie in meerkeusige vorm aangebied word nie) relatief meer selfstandigheid van die denke en relatief meer vindingrykheid van die kant van die toetsling vereis.

- **Absurditeite A: Ontbrekende dele**

Deel A bestaan uit twintig items, naamlik onvoltooide prentjies. Die toetsling moet aandui watter deel ontbreek.

**a) Doel**

Die toets meet die vermoë om die korrektheid van eenhede van figuurinligting te beoordeel. Dit vereis onder andere visuele geheue vir voorwerpe en omgewingsbesonderhede asook visuele diskriminasievermoë. Aandagtoespitsing en praktiese ingesteldheid is vermoedelik ook belangrike elemente van toetsprestasië.

**b) Rasionaal**

Die volgende aanname is gemaak: "... die vermoë om bekende voorwerpe visueel te begryp en om die afwesigheid van essensiële eerder as nie-essensiële besonderhede te identifiseer en te isoleer, 'n belangrike aspek van intellektuele funksionering weerspieël" (Madge, 1992: 28). Goeie prestasië in die toets vereis 'n sekere mate van algemene kennis. Die aanname is egter dat kritiese waarneming en beoordeling die belangrikste bydrae tot

individuele verskille in toetstellings sal lewer. Daarom word hierdie toets as geskik beskou om die evaluering van figuurinligting te meet.

Die kliniese waarde van die toets is daarin geleë dat die opnoem van irrelevante besonderhede op die volgende kan dui: swak aanemingsvermoë; 'n versteurde realiteitsin of 'n a-praktiese ingesteldheid.

- **Absurditeite B: Absurde situasies**

Die toets bestaan uit sewentien items, naamlik gekleurde prentjies wat 'n absurde situasie uitbeeld. Daar word van die toetsling verwag om te sê wat absurd in die situasie is.

**a ) Doel**

Die vermoë om absurditeite en ongerymdhede in visuele materiaal te snap, word met hierdie toets gemeet. Die evaluering van figuurstelsels en implikasies word in die toets betrek. By Absurditeite A word eenhede van figuurinligting geëvalueer (Madge, 1992: 29).

**b ) Rasionaal**

Volgens McGhee (1974) hou dit wat 'n kind verbasend vind, verband met sy peil van kognitiewe groei. Charlesworth (1969) beweer dat die kind verbaas word deur gebeure wat teenstrydig is met sy verwagtinge. Hierdie verwagtinge word volgens Charlesworth bepaal deur reëls en norme wat uit die ervaring geabstraheer word. 'n Verrassende stimulus is dus nie in ooreenstemming met 'n kind se innerlike beeld van die werklikheid nie. 'n Verrassende stimulus moet herinterpreteer word om by die reëls in te pas. Anders moet die reëlstelsel hersien of uitgebrei word om die gebeure te inkorporeer. Kognitiewe groei ontstaan wanneer herstrukturering van die stelsel eerder as die assimilasie van die vreemde stimulus voorkom (Madge, 1992: 29).

## • **Vormdiskriminasie**

Hierdie toets word as 'n geheel toegepas vir die berekening van 'n Globale IK of Handeling IK (Madge, 1992: 30) en bestaan uit twee dele. Deel A bestaan uit twaalf items en Deel B uit twintig items. Elke item bestaan weer uit vier prentjies of geometriese figure op 'n kaart. Drie van die prentjies of figure is identies, terwyl die vierde effens van die ander drie verskil. Die toetsling moet die prentjie of figuur aantoon wat nie soos die ander lyk nie.

Deel A se prentjies is gekleur terwyl Deel B in swart-en-wit is. Die moeilikheidsgraad van die items van albei dele word gevarieer deur van 'n relatief konkrete stimulus na 'n abstrakter een te gaan.

### **a) Doel**

'n Kind se visuele diskriminasievermoë word gemeet. Die volgende prosesse speel 'n belangrike rol in die toetsprestasie:

- Vormwaarneming
- Ruimtelike oriëntering
- Perseptuele konstantheid
- Perseptuele organisasie
- Visuele redeneervermoë

### **b) Rasionaal**

Die vermoë om ooreenkomste en verskille tussen eenhede van figuurinligting waar te neem is 'n belangrike aspek van verstandelike funksionering op visueel-ruimtelike gebied. Akkurate visuele diskriminasie is nodig om vordering op skool te verseker. Indien 'n kind nie die ooreenkomste en verskille in hierdie figuurinligting kan raaksien nie, bestaan die vermoede dat hulle dit moeilik sal vind om tussen syfers, letters en woorde te onderskei.

- **Samevatting**

Die verskillende toetse van die individuele skale wat uitgevoer is, sluit dus 'n breë spektrum van die respondente se intellektuele ontwikkeling in. Die respondente is almal aan dieselfde toetse onderwerp om te verseker dat 'n objektiewe bevinding gemaak kon word. Die navorser se bevindinge hang egter nie net van die toetsresultate af nie, maar berus ook op die resultate van die onderhoude wat gevoer is met ouers en onderwysers asook van waarnemings wat gemaak is tydens die navorsing. Daar moet dan ook na die laasgenoemde twee metodes van dataversameling gekyk word om 'n geheelbeeld te vorm van die navorsingsproses wat gevolg is.

#### 4.4.2.4 Onderhoude

Die navorser het onderhoude met die ouers van die respondente van beide die eksperimentele - en kontrole groep gevoer en wel volgens 'n bepaalde skedule (De Vos, 1998: 299). Hierdeur is relevante inligting ingesamel oor die opvoedingspeil wat 'n rol kan speel in die stimulasie wat die ouers aan hulle kinders kan bied.

Die skedule het basies dieselfde vorm as 'n vraelys aangeneem, maar is meer persoonlik van aard (Mouton en Marais, 1991: 123).

Die skedule vir 'n onderhoud met die ouers het soos volg daaruit gesien.

- a) Wat is beide die ouers se skoolkwalifikasies en stel dit hulle in staat om hulle naam te skryf en te lees? Dikwels het die ouers slegs geleer om hulle naam met groot inspanning te skryf, maar hulle is nie werklik in staat om enige dokument te lees nie.
- b) Watter tipe werk verrig die ouers? Is hulle byvoorbeeld loonarbeiders in 'n ongeskoolde werksituasie of werk hulle as klerke?
- c) Die volledigheid van die gesin. Woon die ouers byvoorbeeld bymekaar en woon

die kinders by hulle of by die grootouers ?

- d) Die grootte van die gesin. Waar pas die betrokke kind in die huisgesin.
- e) Die rede waarom die kind by voorskoolse programme ingeskakel het/ nie ingeskakel het nie.
- f) Die tipe stimulasie wat die kind in sy ouerhuis ontvang. Lees of vertel die ouers stories op 'n gereelde basis aan die kinders om op hierdie wyse hulle woordeskat en algemene kennis te vergroot ? Indien nie, wat beskou die ouers as belangrik om as aansporing te dien vir hulle kinders se ontwikkeling?
- g) Wat is die ouers se toekomsverwagtings ten opsigte van hulle kinders se skoolopleiding en latere beroepslewe ?

Deur middel van die onderhoude kon die navorser vasstel watter rol die ouers se opvoedingspeil speel in die stimulasie van hulle kinders. Dit kon ook 'n aanduiding gee van die mate waarop die ouers op "buite-instansies" staatmaak om leiding in dié verband oor te neem. Waarneming van die ouers se algemene gesindheid tydens die onderhoude het 'n belangrike rol gespeel, omdat faktore soos liggaamshouding, gesigsuitdrukking, spanning, aggressie en onsekerheid direk waargeneem kon word (De Vos, 1998: 284 en Doby, 1967: 280).

Die hipotese onderliggend aan hierdie onderhoude is dat 'n kind wat nie genoegsame stimulasie by sy ouerhuis ontvang nie, moontlik meer moeite op skool sal ondervind om bevredigend te vorder. Daarom sal so 'n kind aangewese wees op 'n ander bron om sodanige stimulasie te bewerkstellig. Die volledigheid van die gesin asook die plek wat die kind inneem binne die gesin, gee 'n aanduiding van die gehegtheid van die gesin. Dit kan ook lig werp op die gehalte aandag wat die kind binne gesinsverband geniet.

Onderhoude met die onderwysers van die respondente in graad 1, 2 en 3 is ook beplan aan die hand van die ongestruktureerde "open-ended interview", soos gesien deur De Vos (1998: 299). Volgens die "open-ended" onderhoud kan data op 'n sistematiese wyse

versamel word omdat bepaalde voorafgeformuleerde vrae aan die onderwysers gestel kon word ten opsigte van die respondente se vordering op skool asook hulle algemene aanpassing binne 'n klasverband. Inligting wat op hierdie wyse versamel word, kan moontlik meer lig werp op die respondente van beide die eksperimentele groep en die kontrole groep se leerpotensiaal. Dit kan met ander woorde die navorser behulpsaam wees in die vergelyking van die genoemde twee groepe se prestasies op skool.

Die skedule vir die “open-ended” onderhoud met die onderwysers, sien as volg daar uit:

- a) Hoe sou u die respondent se algemene vordering op skool beskryf?
- b) Hoedanig is die respondent se reaksie op huiswerk wat aan hom/haar gegee word?
- c) Bespreek die ouers se betrokkenheid by die respondent se skoolwerk.
- d) Hoe ervaar u die respondent se algemene ingesteldheid in die klaskamer tydens die aanbied van klasse? (konsentrasie, insig, werkspoed, ensovoorts)
- e) Bespreek die respondent se deelname tydens klasbesprekings.
- f) Wat is u mening omtrent die respondent se verhouding met mede-leerders en onderwysers? Motiveer.
- g) Hoe sou u die respondent se algemene fisiese voorkoms opsom (in terme van sy/haar gesondheid, versorging tuis, deelname aan sport, ensovoorts). Sluit hierby aan die respondent se “psigiese versorging” en voorkoms (hoekom sou u hom/haar as gelukkig of ongelukkig beskryf?)
- h) Hoe tree die respondent op wanneer hy/sy nie die werk in die klas verstaan nie?
- i) Hoedanig is die respondent se skoolbywoning?

Die betrokke onderwysers wou egter nie deelneem aan die onderhoude nie, hoewel die navorser dit onder hulle aandag gebring het dat die inligting baie vertroulik behandel sou



word. Die onderwysers se verweer was dat daar baie wisseling van onderwysers gedurende die jaar plaasgevind het en dat hulle dus geen kommentaar kan lewer nie.

Die navorser was aangewese op verskeie waarnemings wat tydens die navorsingsverloop sou plaasvind. Waarneming is 'n tegniek wat die navorser kan aanwend om meer insig in sy studie te ontwikkel (De Vos, 1998 en Mikkelsen, 1995) en behoort pertinent vermeld te word.

#### **4.4.2.5 Waarneming**

Deelnemende waarneming is gebruik (Schurink, 1998: 277 en Caplow, 1971: 51) tydens onderhoudvoering met die ouers.

Die ouers se algemene gesindheid ten opsigte van hulle kinders is waargeneem, spesifiek wat hulle siening is aangaande die kinders se stimulasie en ontwikkeling op voorskoolse vlak. Die ouers se liggaamstaal en emosies is waargeneem tydens die bespreking van hulle persoonlike opvoedingspeil en die rol wat dit speel in die stimulering en motivering van hulle kinders om op skool te presteer.

Die kwessie dat die navorser ook op Letaba Landgoed woonagtig is, bring mee dat die XiTsongagemeenskap se lewenswyse en gewoontes waargeneem kon word oor 'n aantal jare. Op hierdie wyse het die navorser insig ontwikkel in die gemeenskap se kulturele agtergrond en hulle gesindheid ten opsigte van ontwikkelingsprogramme vir voorskoolse kinders.

Waarneming (observasie) het ook die proses van deurlopende evaluasie ingesluit (De Vos, 1998: 365). Die kommunikasiemetodes en -tegnieke wat toegepas is in die aanbieding van voorskoolse programme om spesifieke vaardighede by kinders te stimuleer, is deurentyd geëvalueer. Dit is gedoen ten einde te bepaal watter kommunikasiemetodes en -tegnieke positiewe resultate oplewer

#### **4.4.2.6 Dokumentasie**

Die skoordokumente het hoofsaaklik bestaan uit vorderingsverslae van die respondente. Die vorderingsverslae aan die einde van 1999 is gebruik en sluit die betrokke jaar se

graad 1, 2 en 3 klasse van die plaaslike primêre skool in (sien Aanhangsel C). Die vordering van die respondente in die eksperimentele groep is vergelyk met die vordering van die respondente in die kontrole groep. Daarvolgens kon bepaal word of daar 'n waarneembare verskil is tussen die betrokke twee navorsingsgroepe se skoolprestasies.

#### **4.4 Opsomming**

Deur gebruik te maak van kwantitatiewe- sowel as kwalitatiewe navorsingstegnieke (mixed-method), kon die navorser die nodige data versamel wat aanleiding gegee het tot die volgende stap in die navorsingsproses, naamlik die analise van die data. Bevindinge kon gemaak word wat betekenis aan die navorsing verleen.

## HOOFSTUK 5

### Bevindinge van die navorsing

#### 5.1 Inleiding

Die huidige navorsing is uitgevoer binne 'n spesifieke verwysingsraamwerk, naamlik die bestudering van 'n navorsingsgroep se algemene ontwikkeling na aanleiding van die implementering van geskikte kommunikasiemediums gedurende die groep se voorskoolse jare. Kennis en insig van die verskillende ontwikkelingsterreine en stadia van die jong kind blyk 'n vereiste te wees waaraan fasiliteerders moet voldoen alvorens ontwikkelingsprogramme en kommunikasiemediums met sukses aangewend kan word.

Data wat gedurende die navorsing ingesamel is, moet egter eers geanaliseer word om tot 'n werklike bevinding te kan kom. Die analitiese proses kom neer op die kritiese beoordeling van die samestellende dele waaruit die navorsing bestaan, met die oog op die kennis wat deur middel van die proses bekom word (Stoker, 1969). Poggenpoel (1998: 336) se mening 'n paar dekades later, sluit hierby aan naamlik: "Analysis is a reasoning strategy with the objective of taking a complex whole and resolving it into its parts".

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die analitiese proses wat lei tot sekere bevindinge wat gemaak kon word. Dit het die betrokke navorser in staat gestel om tot bepaalde gevolgtrekkings te kon kom en om 'n aantal aanbevelings te maak.

## 5.2 Analise van die data wat tydens die navorsing versamel is

Mouton en Marais (1991) noem die analitiese proses wat volgens 'n konseptuele verwysingsraamwerk uitgevoer word, 'n deduktiewe strategie. “ Hierdie raamwerk lei op relatief rigiede wyse die konseptualisering, operasionalisering en data-insameling en vorm dan ook uiteindelik die verwysingsraamwerk vir die ontleding en interpretasie”.

(Mouton en Marais, 1991: 105). Hierdie strategie is veral ingestel op die toets van 'n hipotese en is verklarend van aard.

Data wat tydens die onderhoude met die ouers verkry is, is ontleed of geanaliseer volgens De Vos en Fouché (1998: 205) se beskrywing van “ frequency distribution”, wat die volgende behels: 'n sekere vraag van die voorafbepaalde skedule (Schurink, 1998) word geneem en die antwoord daarvan word neergeskryf en georganiseer volgens die spesifieke vraag. Die vraag of 'n ouer skoolopleiding ontvang het, en indien wel, tot op watter vlak, word byvoorbeeld ingedeel in drie kategorië, naamlik:

- a. Geen skoolopleiding
- b. Gebrekkige skoolopleiding
- c. Hoërskoolopleiding

Ten einde die ontleding verder te verfyn, is die vader en moeder se opvoedingspeil afsonderlik bepaal. Al die vrae wat in die skedule saamgevat is, is op die bogenoemde wyse ontleed.

Nadat data ingesamel is, moet vasgestel word of die data betroubaar en geldig is. Caplow (1971: 63) meen betroubaarheid word as volg getoets: “ One usually determines the reliability of an instrument by correlating two or more sets of measurements of the same subjects taken at different times, or by correlating two or more measurements of the same subjects by different observers taken at the same time”.

Wat die betrokke navorsing betref, het die navorser waargeneem dat meeste van die ouers wie se kinders in die versorgingsoorde is, 'n duimafdruk op dokumente maak, byvoorbeeld maandelikse aftrekorders vir die betaling van fooie. Hierdie inligting is gekontroleer tydens die onderhoude met die ouers van die kinders in die navorsingsgroep.

Daar is bevind dat die meeste ouers van die navorsingsgroep oor geen of gebrekkige skoolopleiding beskik. Die aanname dat die oorgrote meerderheid ouers in die gegewe gemeenskap nie daartoe bevoeg is om hulle kinders sinvol te stimuleer nie, kan dus as 'n geldige waarneming geklassifiseer word. Dokumente sowel as onderhoude het dit bevestig.

Poggenpoel (1998) stel dit dat 'n navorser die inligting wat hy tydens navorsing ingewin het, in sekere eenhede en kategorieë moet indeel. Die kategorieë sal afhang van die navorsing wat hy gedoen het en sal vervat word in nota's wat gedoen is tydens die waarnemingsproses, onderhoude wat gevoer is en dokumente wat bestudeer is. "The essential task of categorizing is to bring together into provisional categories those units that are apparently related to the same content ... The process of constant comparison stimulates thought that leads to both descriptive and explanatory categories" (Poggenpoel, 1998: 339). Op hierdie wyse kan die navorser begin om sy data te orden en te groepeer in verskillende kategorieë. Dit bring mee dat hy later vergelykings kan tref en bevindings teenoor mekaar opweeg.

Tydens hierdie navorsing het die navorser die ouers se opvoedingspeil vasgestel deur drie kategorieë te bepaal waarvolgens inligting ingedeel en georden kon word. Dit het 'n tendens uitgewys wat gelei het tot 'n gevolgtrekking, naamlik dat die oorgrote meerderheid ouers in die gemeenskap oor geen of gebrekkige skoolopleiding beskik.

Daar is ook te werk gegaan soos Huberman en Miles (1994:428) dit uiteensit, naamlik dat data ingesamel word volgens 'n konseptuele raamwerk. In hierdie geval is onderhoude gevoer volgens 'n bepaalde skedule en 'n gevallestudie is uitgevoer waarin die uitwerking van voorskoolse opleiding bestudeer is. Gestandaardiseerde toetse is afgeneem en ontleed en skooldokumente is bestudeer.

### 5.3 Bevindinge van die navorsing

#### 5.3.1 Die Junior Suid-Afrikaanse Individuele Skale ( Madge: 1992 )

Die JSAIS-skale is gebruik tydens die huidige navorsing omdat daar nog nie gestandaardiseerde toetse vir die agtergeblewe gemeenskappe ontwerp is nie. Die opvoedkundige sielkundige gebruik die bespreekte toetse vanweë sy ondervinding dat die agtergeblewe gemeenskappe met die toetse kan identifiseer. Hoewel dit dus nie aanvaar kan word dat die individuele skale die lewensterreine van die agtergeblewe gemeenskap heeltemal dek nie, word vaardighede soos getallebegrip, onderskeidingsvermoë, waarnemingsvermoë en taalvermoë tog getoets. Om dit vir die kinders verstaanbaar te maak, het die opvoedkundige sielkundige van 'n tolk gebruik gemaak. Die tolk is 'n bekende persoon vir die kinders, naamlik 'n swart vrou wat as assistentontwikkelaar by die versorgingsoorde werksaam is en in wie se teenwoordigheid die kinders op hulle gemak voorkom. Die tolk is vooraf ingelig oor die hantering van die vertolkings. Op hierdie wyse is gepoog om die toetse vir die respondente so verstaanbaar moontlik te maak. Die respondente in die eksperimentele groep en dié in die kontrole groep is tydens die afneem van die individuele skale aan dieselfde omstandighede blootgestel om die uitslae van die toetse so betroubaar moontlik te maak.

Die evaluasie en bevindinge van die opvoedkundige sielkundige (na aanleiding van die JSAIS-skale) het daartoe bygedra dat objektiewe waarneming en -analise kon plaasvind. Die resultate van die JSAIS-skale is vergelyk met die respondente se vorderingsverslae wat van die Letabaskool ontvang is. Die navorser kon daaruit waarneem dat die onderwysers die vordering van die kinders subjektief hanteer. Die onderwysers was ook nie tydens onderhoude bereid om die kinders se vordering of reaksies binne klasverband te bespreek nie.

Die kinders in die kontrole groep kon nie kleure onderskei nie. Hierdie kinders weet byvoorbeeld nie dat 'n boom se blare groen is nie (selfs nie in hulle moedertaal nie). Hulle kon ook nie liggaamsdele onderskei nie en vind dit moeilik om teenoorgestelde begrippe te identifiseer. Dit is alles inligting wat deur die JSAIS-skale uitgelig is. Inligting wat blykbaar nie van toepassing in hulle skoolvordering is nie. Daar kon egter deur die JSAIS-skale vasgestel

word dat die kinders in die eksperimentele groep, as gevolg van voorskoolse stimulasie, oor 'n wyer algemene kennis beskik. Uitstappies na die Nasionale Krugerwildtuin het dit vir hulle moontlik gemaak om diere soos kameelperde en olifante van naby te sien en in 'n werklikheid te verander. Kinders in die kontrole groep is slegs op prente aangewese. Hulle het dit byvoorbeeld moeilik gevind om die grootte van 'n kameelperd te onderskei van dié van 'n veel kleiner dier.

Poggenpoel (1998: 349) meen dat resultate van 'n navorsing met vorige navorsing moet kan ooreenstem om dit geloofwaardig te maak: “ Applicability refers to the degree to which the findings can be applied to other contexts and settings or with other groups”. Studies wat deur van der Ross (1987:19) uitgevoer is, toon aan dat kinders wat aan voorskoolse stimulasie blootgestel word, beter op skool vorder. Atmore (1993: 127) het in 'n studie wat hy uitgevoer het onder agtergeblewe swart gemeenskappe gevind dat kinders wat in hulle voorskoolse jare by opvoedkundige programme in versorgingsoorde ingeskakel het, in hulle volwasse lewens beter toegerus was om 'n werk te vind: “Preschool children have also been found to be more likely to find employment and are less dependent on state aid than non-attenders”.

Hierdie studie is onderneem om die voorskoolse kinders by opvoedkundige programme te betrek sodat hulle bemagtig kan word om beter op skool te presteer. Soos Atmore (1993: 127) dit in sy woorde stel: “ ... because the child's early years are vital for the formation of the personality structure, intelligence and social behaviour, reaching the disadvantaged child at this early stage can then have a positive, formative effect on the child's future”.

Volgens die psigometriese resultate (Madge, 1992) is daar aanduidings dat die besondere stimulasie ten opsigte van intellektuele potensiaal, met aspekte soos syfervermoë, taalontwikkeling en perseptuele vorming, 'n verbetering toon by die respondente van die eksperimentele groep. Die resultate van die psigometriese toetse word vervolgens weergegee.

### 5.3.1.1 Die resultate van die JSAIS-skale

’n Gemiddelde puntetelling van beide die eksperimentele groep en die kontrole groep word gegee. Vir insae ten opsigte van die inhoud van elke afsonderlike toets wat uitgevoer is, word verwys na Hoofstuk 4, p. 91-104.

	<b>Eksperimentele Groep</b>	<b>Kontrole Groep</b>	<b>Opmerking: Maksimum punte wat in elke toets behaal kan word</b>
<b>Vorbord</b>	13.50	13.25	Maksimum van 22 punte
<b>Woordeskaf</b>	27.25	21.50	Maksimum van 29 punte
<b>Parate Kennis</b>	12.50	8	Maksimum van 28 punte
<b>Getal en Kwaliteit-begrippe</b>	20.75	15.50	Maksimum van 46 punte
<b>Syfergeheue</b>	9	5	Maksimum van 20 punte
<b>Blokatrone</b>	16	7.75	Maksimum van 66 punte
<b>Storiegeheue</b>	As gevolg van die feit dat die respondente XiTsongasprekend is, het die opvoedkundige sielkundige aanbeveel dat hierdie toets nie uitgevoer word nie, omdat betroubare resultate alleen verkry word wanneer respondente in hul moedertaal getoets word.		
<b>Pretraaisels</b>	10.50	7.50	Maksimum van 26 punte
<b>Woordassiasie</b>	14.75	7.25	Maksimum van 30 punte
<b>Absurditeite A: Ontbrekende dele</b>	14.75	10.25	Maksimum van 20 punte
<b>Absurditeite B: Absurde situasies</b>	5.75	4.25	Maksimum van 17 punte
<b>Vormdiskriminasie</b>			
Deel A:	11.25	6.75	Maksimum van 12 punte
Deel B:	8.25	5.75	Maksimum van 20 punte

### Opsomming

Dieselfde tendens word by al die toetse van die JSAIS-skale wat afgeneem is, waargeneem, naamlik dat die respondente in die eksperimentele groep hoër tellings behaal as die respondente in die kontrole groep.



### 5.3.1.2 Algemene bevinding ten opsigte van die JSAIS-skale

Die opvoedkundige sielkundige het die resultate van die JSAIS-skale verder ontleed ten einde 'n oorsig te gee van die gemiddelde tellings ten opsigte van die verbale skale, die handelingskale (nie-verbaal) en die globale IK-skale. Hierdie tellings sien as volg daaruit:

	<b>Eksperimentele Groep</b>	<b>Kontrole Groep</b>	<b>Opmerking</b>
Verbale skale	73.50	62	Eksperimentele se gemiddelde verbale telling toets 11.5 hoër as die van die kontrole groep
Handelingskale	79.50	75.50	Eksperimentele groep se gemiddelde prestasie, is slegs 4 puntetellings hoër as die van die kontrole groep
Globale IK	78.75	67.75	Eksperimentele groep se IK meet gemiddeld 11 tellings hoër as die globale IK van die respondente in die kontrole groep

Soos in die uiteensetting van elke individuele skaal uitgewys is, het die eksperimentele groep in elke toets gemiddeld beter presteer as die kontrole groep. Die afleiding word dus gemaak dat die kommunikasietegnieke wat tydens die aanbied van opvoedkundige programme gebruik word, 'n positiewe uitwerking op die respondente van die eksperimentele groep se prestasies in die individuele skale (psigometriese toetse) gehad het. Dit dui daarop dat die eksperimentele groep groter blootstelling ontvang het aan stimulasie op die verskillende terreine waarin hulle getoets is.

### 5.3.2 Onderhoue met die ouers

Hier word verwys na Hoofstuk 4, p. 104-105 vir insae in die skedule wat gebruik is tydens onderhoue met die ouers. Elke vraag aan die ouers word afsonderlik ontleed en gee aanleiding tot 'n bevinding.

Die onderhoude het gedurende Mei 2000 in die betrokke navorsers se kantoor plaasgevind en het die ouers van die respondente in die eksperimentele - en kontrole groep betrek. Hierdie onderhoude het geskied met die vrywillige samewerking van al die ouers, wat vergemaklik is deur die feit dat die betrokke agtergeblewe gemeenskap die navorsers ken as gevolg van haar betrokkenheid as ontwikkelaar in die gemeenskap. Die oorgrote persentasie ouers (ongeveer 90%) is nie Afrikaans of Engels magtig nie en daarom moes daar van 'n tolk gebruik gemaak word om die nodige data te versamel.

Die ontleding van die onderhoude met die ouers word in 'n tabel, p. 117, saamgevat.

### 5.3.2.1 Ontleding van die onderhoude met die ouers

	EKSPERIMENTELE GROEP		KONTROLE GROEP	
	Moeders	Vaders	Moeders	Vaders
Opvoedkundige Peil	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 50% van die moeders het geen opleiding ontvang nie.</li> <li>- 50% gebrekkige opleiding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 70% geen of gebrekkige skoolopleiding.</li> <li>- 10% hoërskool opleiding.</li> <li>- 20% van die moeders is alleen ouers – geen vaders.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 30% geen skoolopleiding.</li> <li>- 70% gebrekkige opleiding.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 10% geen skoolopleiding</li> <li>- 80% gebrekkige skoolopleiding</li> <li>- 10% hoërskoolopleiding.</li> </ul>
Beroepe	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 100% ongeskoolde arbeid (plukkers, pakkers en huis-hulpe)</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 30% ongeskoolde arbeid in sitrus boorde.</li> <li>- 40% trekker drywers</li> <li>- 10% klerikale werk</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 80% ongeskoolde arbeid</li> <li>- 20% huisvrouens</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 50% ongeskoolde arbeid</li> <li>- 30% trekker drywers</li> <li>- 10% konstruksiewerkers</li> <li>- 10% van vaders se werksomstandighede is onbekend.</li> </ul>
Volledigheid van gesin	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 80% van die moeders woon saam met die vaders.</li> <li>- 20% van die moeders is enkel ouers.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 80% van die vaders woon saam met die gesin.</li> <li>- In 20% van gesinne is die vaders afwesig.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 90% moeders en vaders woon bymekaar.</li> <li>- 10% moeders is enkel ouers.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 90% van die vaders woon saam met die gesin.</li> <li>- In 10% van gesinne is die vaders afwesig.</li> </ul>
Versorging van respondente	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 80% word deur albei ouers versorg.</li> <li>- 20% word slegs deur moeders versorg.</li> </ul>		<ul style="list-style-type: none"> <li>- 90% word deur albei ouers versorg.</li> <li>- 10% word slegs deur moeders versorg.</li> </ul>	
Grootte van die gesin	<ul style="list-style-type: none"> <li>- 2 kinders in die gesin - 10%</li> <li>- 3 kinders in die gesin - 10%</li> <li>- 4 kinders in die gesin - 30%</li> <li>- 5 kinders in die gesin - 40%</li> <li>- Meer as 5 kinders - 10%</li> </ul>		<ul style="list-style-type: none"> <li>- 2 kinders in die gesin - 30%</li> <li>- 3 kinders in die gesin - 0%</li> <li>- 4 kinders in die gesin - 30%</li> <li>- 5 kinders in die gesin - 30%</li> <li>- Meer as 5 kinders - 10%</li> </ul>	
Posisie van die respondēt in die gesin	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Jongste kind in die gesin - 80%</li> <li>- Tweede jongste kind - 20%</li> </ul>		<ul style="list-style-type: none"> <li>- Jongste kind in die gesin - 40%</li> <li>- Tweede jongste kind - 40%</li> <li>- Oudste kind - 20%</li> </ul>	
Rede waarom respondent 'n versorgingsoord bygewoon het/nie bygewoon het nie.	100% van die moeders verrig buitenshuise arbeid en moes die respondente bedags laat versorg.		100% van die moeders verrig nie permanent werk buite die huis nie en kon die respondente bedags versorg. Tydperke wat die moeders tydelike werk verrig, het familie gehelp met die versorging van die respondente.	
Tipe stimulering wat die respondente tuis ontvang:	<p>Lees van stories: 100% ouers lees nie vir respondente nie.</p> <p>Vertel verhale: 50% ouers vertel verhale</p> <p>Hulp met skoolwerk? 10% van ouers help met skoolwerk.</p> <p>Ander stimulasie: 100% van respondente woon 'n versorgingsoord by.</p>		<p>Lees van stories: 100% ouers lees nie vir respondente nie.</p> <p>Vertel verhale: 10% ouers vertel verhale.</p> <p>Hulp met skoolwerk: Geen.</p> <p>Ander stimulasie: 40% kyk soms televisie.</p>	
Ouers se toekomstverwagting t.o.v. die respondente se skoolopleiding en latere beroepslewe.	100% van die ouers verlang dat die respondente goeie skoolopleiding sal ontvang en eendag 'n goeie beroep sal beoefen.		100% van die ouers verlang dat die respondente goeie skoolopleiding sal ontvang en eendag 'n goeie beroep sal beoefen.	

### 5.3.2.2 Bevinding na aanleiding van die onderhoude met die ouers

Die oorgrote persentasie ouers beskik oor geen of gebrekkige skoolopleiding. Dit bring mee dat hulle ongeskoolde arbeid moet verrig om in hulle gesinne se behoeftes te voorsien. In gemiddeld 80% van die gesinne is albei ouers verantwoordelik vir die respondente se versorging teenoor 'n klein persentasie waar slegs die moeder as enkel ouer optree. Oor die algemeen blyk dit asof die respondente van albei die betrokke groepe blootgestel word aan gewenste gesinsomstandighede.

Daar is bevind dat die ouers onbetrokke is by hulle kinders se skoolvordering. Dit kan toegeskryf word aan die ouers se eie gebrekkige skoolopleiding en die onkunde wat hulle openbaar ten opsigte van die noodsaaklikheid om 'n kind vanaf 'n vroeë ouderdom te stimuleer op verskillende ontwikkelingsterreine.

Die ouers het almal hulle vrywillige samewerking gebied tydens die onderhoude. Daar is gevind dat die ouers wel hulle kinders se belange op die hart dra en dat hulle met die nodige voorligting en ondersteuning daartoe in staat behoort te wees om meer betrokke te raak in hulle kinders se skoolvordering.

Die algemene bevinding is gemaak dat die respondente van beide die navorsingsgroepe aangewese is op eksterne bronne vir stimulasie. Daar kan binne die versorgingsoorde aan hierdie behoefte van die kinders voorsien word.

Die ouers sien toe dat die respondente gereeld skool bywoon omdat hulle positiewe verwagtings vir hulle koester. Hierdie verwagtings sluit goeie skoolvordering en 'n goeie beroep in.

### 5.3.3 Onderhoude met die onderwysers

Die onderhoude met die onderwysers is gevoer ten einde vas te stel of die onderwysers kon aflei watter respondente beter presteer op skool, naamlik respondente in die eksperimentele groep of respondente in die kontrole groep.

As gevolg van die feit dat die onderwysers in die betrokke Laerskool gedurende die jaar dikwels gewissel het, kon geen sinvolle gegewens deur die onderwysers verskaf word nie. Die onderwysers is voor die tyd ingelig oor die doel van die onderhoude asook die feit dat inligting vertroulik behandel sou word. Selfs aan die hand van die vorderingsverslae was die onderwysers nie daartoe in staat om die respondente se algemene inskakeling in die klaskamer te bespreek nie. Die navorser het verder waargeneem dat die onderwysers die onderhoude met hulle as 'n bedreiging beleef het.

#### 5.3.3.1 Bevinding:

Daar kon geen duidelike bevinding gemaak word na aanleiding van die onderhoude met die onderwysers nie.

### 5.3.4 Observasie ( waarneming )

Observasie was 'n deurlopende proses tydens die navorsing. Dit het verskillende vorme aangeneem, soos beskryf deur Mouton en Marais (1991: 122): “ Nuwe data word primêr ingesamel deur direkte waarneming van menslike gedrag en deur indirekte waarneming (onderhoudvoering, invul van vraelyste, afneem van psigologiese toetse en projektiewe tegnieke)”. Dieselfde mening word deur Doby (1967:282) gehuldig.

Die navorsing is gedoen op die Letaba Landgoed waar die navorser as ontwikkelaar van die versorgingsoorde in diens is. Die navorser is dus blootgestel aan die omgewing waarin die navorsingsgroep daaglik funksioneer en kon die volgende waarneem: “ the ordinary, usual, typical, routine or natural environment of the human existence” (Jorgensen, 1989: 15).

Hoewel die onderhoude met die ouers hoofsaaklik daarop gerig was om die ouers se opvoedingspeil vas te stel, het dit meegebring dat die navorser 'n dieper insig ontwikkel het in die alledaagse lewenswyse van die navorsingsgroep. Alle inligting wat deur middel van observasie (waarneming) ingesamel word, word nie noodwendig gebruik nie. Dit gee egter 'n geheelbeeld van die individu of groep se maatskaplike omstandighede en kan lig werp op die onderwerp wat nagevors word. Schurink (1998: 281) se mening is die volgende: “ However, although fieldworkers cannot learn everything from their settings, cannot take all behaviours and viewpoints into account and cannot describe everything they have observed and experienced to their fellow researchers, a ‘holistic injunction’ should not be abandoned altogether”.

Belangrike inligting word wel neergeskryf sodat die navorser dit kan ontleed en orden om tot 'n gevolgtrekking te kom. Hierdie nota's is dus onontbeerlik in die navorsingsproses (Schurink, 1998: 286).

Die analise van skooldokumente vorm ook deel van die waarneming. Caplow (1971: 54) deel dokumentasie in twee kategorieë, naamlik primêre - en sekondêre dokumentasie, en beskryf dit soos volg: “ A primary document contains information the writer obtained from personal experience or first-hand observation; a secondary document contains information derived from other documents”. Mikkelsen (1995: 71) beskou dokumente soos skoolrapporte ook as 'n sekondêre bron van dataversameling.

#### 5.3.4.1 Bevinding:

Volgens die skooldokumente (sien Aanhangsel C) kon daar nie 'n afleiding gemaak word dat die respondente in die eksperimentele groep se vordering wesenlik verskil van die vordering van die respondente in die kontrole groep nie.

'n Groot leemte wat deur die navorser waargeneem is, is die wisseling van leerkragte by die betrokke Laerskool. Die onderwysers se evaluering van die kinders is baie subjektief. Geen "negatiewe" waarnemings word deur hulle gedoen nie. Blykbaar beleef hulle dat positiewe verslae die versekering sal gee dat hulle goeie onderwysers is. Nie een van die drie onderwysers in wie se klasse die navorsingsgroep is, kon sinvolle inligting aangaande enige kind verskaf nie. Hulle verweer is dat hulle slegs ingestel is op die voorgeskrewe leerplan en hulle daarby bepaal. Hulle is nie ingestel op stimulering van kinders nie (byvoorbeeld kleuronderskeiding, onderskeiding van liggaamsdele ensovoorts nie).

Tydens die JSAIS-skale is waargeneem dat die kinders in die kontrole groep geen benul van kleuronderskeiding het nie. Dit is 'n leemte wat blykbaar nie soseer in skoolvordering weerspieël word nie, maar wat tog daarop dui dat hierdie kinders nie genoegsame stimulering en blootstelling ontvang nie.

## 5.4 Samevatting

Die ontleding van die data het die navorser in staat gestel om die bogenoemde bevindinge te kon maak. Die huidige studie word in die volgende hoofstuk geëvalueer en dit stel die navorser in staat om gevolgtrekkings te maak. Die studie sal afgesluit word met 'n aantal aanbevelings.

## HOOFSUK 6

### **Gevolgtrekkings en aanbevelings**

Die slothoofstuk word gewy aan die evaluering van die navorsing en die maak van gevolgtrekkings. Die navorsing word afgesluit met 'n aantal aanbevelings wat gemaak word.

#### **6.1 Evaluasie van die navorsing**

Die geldigheid van 'n navorsingsprojek word volgens Caplow (1971: 63) bepaal aan die hand van die navorsingstegniek wat gevolg word “to measure what it purports to measure”.

Gedurende die huidige navorsing is daar gebruik gemaak van die “mixed-method” tegniek (De Vos, 1998: 361), naamlik die kwantitatiewe tegniek (JSAIS-skale en skoordokumentasie) en die kwalitatiewe tegniek van data-insameling (onderhoude en waarneming). Die moontlikheid van subjektiewe bevindings is deur die kwantitatiewe tegniek (JSAIS-skale wat deur 'n opvoedkundige sielkundige uitgevoer en verwerk is asook skoordokumente wat deur onderwysers opgestel is) tot 'n relatief groot mate uitgeskakel. Die kwalitatiewe tegniek wat onderhoudvoering en waarnemings insluit, het aan die navorser beter insig laat ontwikkel in die navorsingsgroep se algemene lewensomstandighede.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing het die gestandaardiseerde toetse opgestel (Madge, 1992) wat tydens hierdie navorsing gebruik is. Dit word dus aanvaar dat die resultate van die toetse of individuele skale aan die geldigheidsnorme voldoen aangesien dit ook deur 'n spesialis hanteer en verwerk is.

Die data wat deur middel van onderhoude met die ouers ingesamel is, kon in kategorieë ingedeel word om onder andere te bepaal wat die ouers se opvoedkundige peil is. Dieselfde metode is gevolg ten opsigte van al die inligting wat tydens die onderhoude met die ouers



ingesamel is. Caplow (1971: 86) meen dat data wat deur middel van die kwalitatiewe benadering ( onderhoude ) ingewin word, nie altyd numeries verwerk kan word nie. Die inligting wat tydens die huidige studie ingewin is, kon wel numeries verwerk word.

Die gevaar bestaan dat die navorser se waarnemings tydens die studie subjektief kon wees. Die resultate van die psigometriese toetse stem ooreen met die navorser se waarnemings en dit verminder die moontlikheid van subjektiewe gevolgtrekkings. Die studie lewer egter 'n aantal leemtes op wat spesiale vermelding regverdig, naamlik:

- Die JSAIS-skale is nie oorspronklik ontwerp vir kinders in agtergeblewe gemeenskappe nie. Daar is dus slegs toetse uitgevoer waarmee die respondente in die navorsingsgroep kon identifiseer.
- Die navorser en die opvoedkundige sielkundige was aangewese op die hulp van 'n tolk tydens die afneem van die JSAIS-skale en die voer van onderhoude met die ouers. Die moontlikheid bestaan dat belangrike detail verlore kon raak wanneer 'n vraag gestel of 'n antwoord verstrekk is. Die navorser was dus baie aangewese op die waaneming van faktore soos liggaamstaal, gesigsuitdrukking en die weergawe van die tolk, wat tog in 'n sekere mate subjektief beoordeel kon word.
- Onderhoude met onderwysers kon in Engels gevoer word. Hierdie onderhoude het egter nie sinvolle data na vore gebring nie omdat die onderwysers baie gewissel het gedurende die jaar. Die onderwysers het dus nie voldoende tyd saam met die respondente spandeer om hulle potensiaal te evalueer nie.

Ten spyte van die bogenoemde probleme wat ondervind is, word die vraag aan die einde van die studie gevra of die navorser daartoe in staat was om die navorsingsprobleem aan te spreek. Hierdie aspek sal vervolgens geëvalueer word.

## 6.2 Beantwoord die studie die aanvanklike probleemstelling?

Die studie was daarop ingestel om vas te stel of ontwikkelingskommunikasie 'n positiewe rol kan speel in die ontwikkelingsproses van die agtergeblewe voorskoolse kind.

Die navorsingsmetodologie wat gevolg is (“mixed-method” benadering), was daarop ingestel om die bogenoemde probleemstelling aan te spreek. 'n Gevallestudie is uitgevoer wat die navorser in staat gestel het om die leefwêreld van die gemeenskap waarin die studie uitgevoer is, beter te verstaan.

'n Eksperimentele groep en 'n kontrole groep kon saamgestel word deur gebruik te maak van 'n ewekansige seleksieproses. Beide die groepe is onderwerp aan dieselfde gestandaardiseerde toetse en onderhoude, sodat die resultate wat deur die onderskeie respondente behaal is, met mekaar vergelyk kon word. Skoolprestasies kon ook vergelyk word en waarnemings is gemaak. Die data wat deur middel van die bogenoemde ondersoekmetodes ingesamel is, kon ontleed word om die navorser te help om sekere bevindinge te maak.

Die ontleding van die psigometriese toetse (JSAIS-skale) het dan ook aan die lig gebring dat die respondente in die eksperimentele groep oor die algemeen beter presteer as die respondente in die kontrole groep. Omdat die genoemde toetse deur 'n “onafhanklike” spesialis afgeneem en ontleed is, word die aanname gemaak dat daar wel 'n relatief objektiewe bevinding gemaak kon word.

Die bevindinge van die studie (soos bespreek in Hoofstuk 5) dui daarop dat die aanname gemaak kan word dat die respondente in die eksperimentele groep beter kon presteer in die psigometriese toetse omdat hulle gestimuleer was gedurende hulle voorskoolse jare. Die aanname word verder gemaak dat die betrokke studie die aanvanklike navorsingsprobleem aangespreek het deur uit te wys dat die stimulasie van die respondente in die eksperimentele groep berus op die gebruikmaking van ontwikkelings-

kommunikasietegnieke. Die navorsing het dus daarin geslaag om die probleemstelling aan te spreek.

Die volgende onderafdelings van die navorsingsvraag word ook tydens die navorsingsproses aangespreek:

- **Wat is die behoeftes en ontwikkelingstadia van die kind?**

Afgesien van die behoefte van elke kind om fisies versorg te word (voedsel, klere, huisvesting, ensovoorts), het elke kind ook 'n behoefte aan psigiese versorging (Meyer, et al, 1988 en Louw, 1992). Dit sluit aspekte in soos sosiale - en emosionele versorging, intellektuele stimulering en persoonlikheidsontwikkeling.

Die bogenoemde aspekte geniet dan ook aandag tydens die huidige studie. Onderhoude met die ouers bring aan die lig dat die ouers hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die fisiese versorging van hulle kinders nakom. Waar die vaders in die huisgesin ontbreek, kom die moeders hulle plig in hierdie verband na. Die navorser het die bogenoemde tendens ook in die gemeenskap waargeneem waar die gevallestudie uitgevoer is.

Wat die ontwikkeling van die respondente op die gebied van die sosiale -, intellektuele - en persoonlikheidsterreine betref, ontvang die respondente in die eksperimentele groep die verlangde stimulering in die versorgingsoorde. Hierdie aspek word aangespreek deur gebruik te maak van ontwikkelingskommunikasietegnieke soos "folk media" (danse, poppespel, drama en storievertel) en die elektroniese media (radio, televisie, video's en die rekenaar).

Die respondente in die kontrole groep was nie gedurende hulle voorskoolse jare blootgestel aan enige gestruktureerde ontwikkelingsprogramme nie.

- **Watter probleme ondervind voorskoolse kinders in agtergeblewe gemeenskappe?**

As gevolg van die algemene swak opvoedkundige peil wat onder die volwassenes in die gemeenskap aangetref word, word hulle kinders nie genoegsaam gestimuleer om op intellektuele gebied optimaal te ontwikkel nie. Die kinders in 'n agtergeblewe gemeenskap is dus aangewese op eksteme bronne vir die nodige stimulasie. Laasgenoemde aanname word gemaak op grond van data wat ingesamel is tydens die onderhoude met die ouers. Ongeveer 90% van al die ouers beskik oor geen of gebrekkige skoolopleiding en hulle erken gedurende die onderhoude dat hulle geen of weinige pogings aangewend het om hulle kinders te stimuleer nie.

- **Kan ontwikkelingskommunikasiebeginsels in 'n versorgingsoord vir voorskoolse kinders toegepas word?**

Die huidige studie het getoon dat bepaalde ontwikkelingskommunikasietegnieke byval vind by die voorskoolse kind. Die tradisionele “folk media” wat danse, drama, storievertel en poppespel insluit, is 'n voorbeeld van kommunikasietegnieke wat boodskappe op 'n informele wyse aan die kleuter kan oordra. Enige onderwerp of tema kan deur middel van 'n poppespel behandel word en die kinders neem graag deel aan die “spel”. Kinders fantaseer graag en daarom geniet hulle dit om aan drama-opvoerings deel te neem en om na stories te luister. Alle kleuters geniet musiek, sang en danse (Maree en Ford, 1996) en neem dus ook graag daaraan deel.

Die elektroniese media kan met dieselfde sukses as “folk media” aangewend word. Die huidige studie toon dat die radio 'n toeganklike medium van kommunikasie is en maklik deur kleuters hanteer kan word. Gemeenskapsradiostasies maak dit vir kinders in agtergeblewe gemeenskappe moontlik om programme in hulle moedertaal te hoor.

Geselekteerde kinderprogramme op televisie en op video, kan ook tot die kleuters se voordeel aangewend word omdat dit die kleuters se leefwêreld vergroot en meehelp om die kleuters in besprekings te betrek.

Die rekenaar is die mees moderne elektroniese hulpmiddel wat ingespan kan word om voorskoolse kinders te stimuleer in hulle intellektuele ontwikkeling. Daar is reeds verskeie opvoedkundige programme vir voorskoolse kinders beskikbaar in hierdie medium.

In die huidige studie kon die bogenoemde kommunikasietegnieke aangewend word in ontwikkelingsprogramme wat ingestel is op die jong kind se ontwikkeling op die fisiese -, sosiale -, kognitiewe - en persoonlikheidssterrein.

- **Het dit 'n impak op die lewe van hierdie kinders in die eerste drie jaar van hulle skoolloopbane?**

Volgens die ontleding van die JSAIS-skale deur die opvoedkundige sielkundige, beskik die respondente in die eksperimentele groep oor beter leervermoëns as die respondente in die kontrole groep. Die JSAIS-skale is gestandaardiseerde toetse wat deur die RGN opgestel is. Daar word dus aanvaar dat die resultate van die bogenoemde toetse objektief en betroubaar is.

Die skoordokumente en onderhoude met die onderwysers kon egter nie aandui dat die aanwending van ontwikkelingskommunikasietegnieke enige voordeel vir die respondente inhou gedurende hulle eerste drie skooljare nie.

### **6.3 Gevolgtrekking**

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking kon die navorser tot die volgende gevolgtrekkings kom:

- Kinders in agtergeblewe gemeenskappe is aangewese op eksteme bronne vir die nodige stimulasie om optimaal te kan ontwikkel.
- Versorgingsoorde vir voorskoolse kinders kan op 'n gestruktureerde wyse voorsien in die kinders se behoefte aan intellektuele stimulering, deur gebruik te maak van geskikte kommunikasiemediums soos byvoorbeeld “folk media” en elektroniese media.
- Ontwikkelingskommunikasietegnieke kan met sukses toegepas word in die geval van die voorskoolse kind in 'n agtergeblewe gemeenskap.

#### 6.4 Aanbevelings

In die lig van die studie wat uitgevoer is en die bevindinge en gevolgtrekkings wat gemaak kon word, word die volgende aanbevelings gemaak:

- Ontwikkelingsprogramme ten opsigte van voorskoolse kinders in histories benadeelde gemeenskappe behoort aangepas te word om by die bepaalde kultuur van die gemeenskap in te skakel. Tradisionele kommunikasietegnieke kan egter met meer moderne elektroniese mediums, byvoorbeeld rekenaarprogramme, aangevul word. Op hierdie wyse kry die agtergeblewe voorskoolse kind die geleentheid om vroeg reeds kennis te maak met tegnologiese hulpmiddels wat in die moderne samelewing spesifieke vaardighede vereis.
- Deelnemende kommunikasie behoort 'n pertinente rol te speel in elke ontwikkelingsprojek. Deelnemende kommunikasie plaas die fokus op die mens en sy behoeftes, beskou gemeenskapsbetrokkenheid van groot belang en erken die bestaan van die mens in sy totaliteit. Laasgenoemde staan bekend as 'n mensgesentreerde benadering wat deur Melkote (1991), Malan (1998) en Agunga (1998) beskou word as 'n stap in die rigting om mense te bemagtig.

Hierdie beginsel behoort ook in die geval van voorskoolse kinders toegepas te word om hulle te bemagtig vir hulle latere skoolloopbane.

- Betrek kinders dus reeds op voorskoolse ouderdom by ontwikkelingsprogramme sodat die agterstand wat in agtergeblewe gemeenskappe heers, aangespreek kan word. Versorgingsoorde bied 'n geleentheid waar ontwikkelingskommunikasietegnieke op 'n deurlopende basis aangebied kan word.